basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Afrikaans Tweede Addisionele Taal

## Graad 11

## Lesse vir leerders

## Eerste Kwartaal

## 2013

# Erkenning word hiermee aan die samestellers van hierdie lesse verleen.

## Valerie Kilian, Mari Smit, Kobus Visagie
## Vrystaat Departement van Onderwys

**Department of Basic Education**

222 Struben Street
Private Bag X895
Pretoria 0001
South Africa
Tel: +27 12 357 3000
Fax: +27 12 323 0601

120 Plein Street Private Bag X9023
Cape Town 8000
South Africa
Tel: +27 21 465 1701
Fax: +27 21 461 8110
Website: http://www.education.gov.za

**© 2013 Department of Basic Education**

***

## Inhoudsopgawe

| | Bladsy |
|---|---|
| **Hoofstuk 1: Kommunikasie** | **3** |
| **Hoofstuk 2: Eet gesond, leef gesond** | **10** |
| **Hoofstuk 3: Hoe om reg te leer** | **24** |
| **Hoofstuk 4: Lees, 'n belangrike stokperdjie** | **31** |
| **Hoofstuk 5: Die hoofstede van Suid-Afrika** | **42** |


# Hoofstuk 1: Kommunikasie

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * praat oor wat kommunikasie is.<br>* praat oor die belangrikheid van goeie kommunikasie.<br>* luister na 'n gedetailleerde voorstelling van klasmaats.<br>* praat oor klasmaats se belangstellings. |
| Lees en kyk: Begrip | * 'n inligtingsteks (beskrywende teks) lees.<br>* feite en menings onderskei.<br>* 'n opsomming van feite skryf.<br>* 'n leesprojek aanpak. |
| Skryf en aanbied | * leer om 'n goeie inleidings- en slotparagraaf te skryf**.**<br>* leer om 'n opstel se paragrawe te beplan.<br>* op prosesskryf fokus. |
| Taalstrukture en -konvensies | * woordeboeke gebruik vir betekenis van woorde en begrippe.<br>* spelreëls en -patrone leer.<br>* lettergrepe skryf.<br>* enkelvoudige sinne korrek gebruik.<br>* selfstandige naamwoorde skryf.<br>* lidwoorde skryf.<br>* byvoeglike naamwoorde skryf.<br>* sinne in die teenwoordige tyd skryf.<br>* stelsinne korrek gebruik.<br>* woordeskat binne konteks gebruik. |

## Luister en praat

**Wat is kommunikasie?** *(communication)*
Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) is kommunikasie: In verbinding wees met ander mense deur taal. (Mededelings)









[Bron: *Google –prente*]

**Praat: Klasbespreking**

**Praat oor die volgende:**
**1. Kommunikasie**
1.1. Hoekom is kommunikasie (om te praat) so belangrik?
1.2. Watter ander eienskap is belangrik vir kommunikasie?

| **Woordeskat** | |
|---|---|
| eerlik wees (*to be honest*)<br>gesels (*talk*)<br>om in mense belang te stel (*to be interested in people*)<br>gesprek (*conversation*) | luister (*to listen*)<br>gesin (*jou ma, pa, boeties en sussies*)<br>familie (*jou ooms, tannies, neefs, niggies, oumas en oupas)* |

**2. Kommunikeer met jou vriende:**
Gesels pouses met jou vriende en leer hulle beter ken. Moenie net deur middel van selfoonboodskappe met jou vriende kommunikeer nie.

**3. Kommunikeer met jou gesin.**
Gaan huis toe en gesels met jou gesin. Gewoonlik ken ons nie regtig ons gesinslede nie. Leer hulle beter ken. Vra vrae soos van watter musiek hulle hou? Van watter kleur hou hulle die meeste? Wat maak hulle gelukkig? Wat maak hulle ongelukkig? Wat laat hulle lag? Wat is hul drome?

**Luister na ’n beskrywende teks.**

**Pre-luister:**
1. Skryf jou naam en van op ’n papier neer.
2. Skryf twee sinne neer oor hoe jy lyk.
3. Skryf een sin neer oor dinge waarvan jy baie hou. (kos, lees, ens.)
4. Skryf een sin neer oor wat jy graag doen. (stokperdjies, sport, sing, ens.)
5. Skryf een goeie eienskap van jouself neer.
6. Gee vir die onderwyser jou antwoorde.

**Tydens Luister:**
1. Luister na die inligting oor jou klasmaats terwyl die onderwyser dit voorlees.
2. Luister na die beskrywing en maak kort notas sodat jy kan onthou.
3. Raai wie word beskryf.
4. Praat oor mekaar se verskillende belangstellings.

Luister na die teks wat jou onderwyser aan jou gaan voorlees.

| **Woordeskat** | | |
|---|---|---|
| gesig (*face*) | jou lyf (*your body*) | goeie eienskap (*good quality)* |
| gladde vel (*smooth skin*) | kuns (*art*) | kultuur (*culture*) |
| stokperdjie (*hobby*) | vriendelik (*friendly*) | reguit (*straight*) |
| weerskante (*both sides*) | plooie (*wrinkles*) | pikswart (*pitch black*) |
| blink (*shiny*) | jonk (*young*) | wenkbrou (*eyebrow*) |
| statig (*dignified*) | luisteraar (*listener*) | grys (*grey*) |

**Post-luister:**
**Oefening 1: Beantwoord die vrae oor die luisterteks.**

1. Dink jy mnr. Jones was jonk? (1)
2. Motiveer jou antwoord in vraag 1. (1)
3. Noem TWEE kenmerke van sy gesig. (2)
4. Hoe het sy oë gelyk? (2)
5. Hoekom was sy lyf vol klein plooitjies? (1)
6. Verduidelik hoe mense teenoor mnr. Jones gevoel het. (1)
7. Sou jy graag meneer Jones wou ontmoet? (1)
8. Motiveer jou antwoord in vraag 7. (1)

**[10]**

## Lees en kyk

**Feite en menings (*facts and opinions*)**

’n Feit is iets wat werklik plaasgevind het.

’n Mening is ’n opinie sonder dat dit kennis van jou vereis.

# Tuinier 'inspirasie vir ons almal'



Samuel Putsoenyane (24) wat in 2008 graad 12 gedruip het, het in 2011 en 2012 die drie vakke wat hy vir ’n matrieksertifikaat gekort het by die St. Martin Privaatskool, waar hy ’n tuinier was, geneem en geslaag.

Die skoolhoof, Helen Antonie, sê sy het vir hom gevra of hy Graad 12 wil slaag en hy het ja gesê.

In 2010 het hy tussen sy tuinwerk deur twee rekenaarkursusse by die skool voltooi.

In 2011 het hy Wiskunde saam met die leerlinge begin neem. "Ek het gewerk en wannee dit wiskundeperiode was, het ek gou klas toe gegaan. Ná klas het ek weer in die tuin gaan werk," vertel Samuel.

Helen het hom later ook in die kantoor laat help en hy het haar "sekretaris" geword.

Samuel, wat in Botshabelo bly, moes soggens om 04:00 opstaan om ’n bus skool toe te haal.

"Die skoolhoof was baie streng. Ek moes al my toetse en take vir haar bring," sê Samuel en lag.

Samuel sê sy ma was baie trots toe sy hoor hy het dié twee vakke ook geslaag.

"Ek is self baie trots. Ek het nie geweet waarheen toe ek matriek die eerste keer gedruip het nie. Die skoolhoof en die onderwysers was wonderlik goed vir my."

Hy het einde 2011 Wiskunde met vlieënde vaandels geslaag en in 2012 Lewenswetenskappe en Engels geneem – ook tussen sy kantoor- en tuinwerk deur.

"Sy hardwerkendheid is ’n inspirasie vir ons almal," het ’n trotse skoolhoof gesê.

Samuel sê dat hy graag verder wil leer.

[Verwerk: *Volksblad*, 4 Januarie 2013]

Leer die betekenis van die volgende woorde en maak dan sinne daarmee.

| **Woordeskat** | | | |
|---|---|---|---|
| tuinier (*gardener)*<br>slaag (*pass*)<br>skoolhoof (*principal*)<br>trots (*proud*) | inspirasie (*inspiration*)<br>voltooi (*completed*)<br>rekenaar (*computer*)<br>streng (*strict*) | gedruip (*failed*)<br>wiskunde (*mathematics*)<br>soggens (*in the morning*) | vlieënde vaandels (*flying colours*)<br>hardwerkend (*hard working*)<br>lewenswetenskappe (*life sciences*) |

**Oefening 2: Beantwoord die vrae oor die leesbegripteks**

1. Wat het in 2008 met Samuel Putsoenyane gebeur? (1)
2. Watter twee werke het hy by die skool gedoen? (2)
3. Watter twee kursusse het hy by die skool voltooi? (1)
4. Noem die verskil tussen Samuel en die ander wiskunde leerders. (1)
5. Verduidelik die gevolg van Samuel se hardwerkendheid. (1)

6.1 Stem jy saam dat Samuel 'n inspirasie vir almal is?
6.2 Motiveer jou antwoord. (2)

7. Wat is die vroulike vorm van sekretaris? (1)
8. Simpatiseer jy met Samuel? Wat sou jy gedoen het indien jy in dieselfde situasie was? (1)

**Feite en menings:**

9. Is dit 'n feit of 'n mening dat Samuel by die Private skool St. Martin privaatskool gewerk het? (1)
10. Is dit 'n feit of 'n mening dat Samuel hardwerkend is? (1)
11. Is dit 'n feit of 'n mening dat hy nog ver in die lewe gaan kom? (1)

[13]

**Opsomming**

- Lees die volgende gedeelte deur en som die wenke, hoe om te keer dat jou selfoon jou siek maak, in sewe volsinne op.
- Jou opsomming moet 50 - 60 woorde wees.
- Jou opsomming moet puntsgewys (1 – 7) neergeskryf word.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming.

**JOu sElfOon kAn jOu siEk mAak.**

Sommige mense is baie sensitief vir die strale wat van selfone af kom en word siek as gevolg van die strale. Hier is wenke wat mens kan toepas om te keer dat 'n selfoon jou siek maak.

Moenie te veel oproepe van jou selfoon af maak nie. Indien dit moontlik is, stuur eerder SMS'e of gebruik 'n Telkomfoon.

Moenie jou selfoon teen jou lyf dra nie. Plaas dit in 'n spesiale selfoonsakkie of in jou handsak of jou boeksak. Moenie jou selfoon in jou onderklere dra nie.

Moenie Wi-Fi gebruik nie. Gebruik eerder 'n ADSL-lyn met 'n roeteerder wat direk by 'n rekenaar ingeprop word.

Swanger vroue moet veral versigtig wees om nie 'n selfoon teen hulle lyf te dra nie. Hulle moet liewers nie in 'n Wi-Fi-omgewing werk nie.

Moenie jou selfoon in 'n klein metaalruimte soos 'n motor of 'n hysbak gebruik nie. Staan eerder buite wanneer jy jou selfoon gebruik.

Dit is beter om nie jou selfoon die hele tyd aangeskakel te hou nie. Skakel eerder jou selfoon snags af.

Indien jy nie jou selfoon wil afskakel nie, sit jou selfoon eerder snags in 'n ander kamer neer. Moenie jou selfoon snags langs jou bed naby jou kop neersit nie.

[Verwerk uit: *Finesse*, November 2012]

## Skryf en aanbied

**’n Beskrywende opstel**
Belangrik by die skryf van ’n opstel is ’n goeie inleidings- en slotparagraaf. Die twee paragrawe moet nie lank wees nie. Een goeie, treffende sin in elke paragraaf is genoeg. Die res van die paragraaf moet om daardie sin gebou word.

Jy moet daardie persoon so beskryf dat die leser voel hy ken daardie persoon.

Die beplanning van jou opstel is belangrik.

**’n Beskrywende opstel**

Skryf ’n beskrywende opstel van 200 – 250 woorde oor **een** van die volgende onderwerpe:

- **My ouma**
- **My interessante onderwyser**
- **My ma**
- **Ons interessante predikant**
- **My rolmodel**
- **Die interessantste persoon wat ek nog ontmoet het**
- **My pa**

**Doen beplanning**
- Gebruik ’n kopkaart om jou opstel te beplan.
- Skryf die woorde neer wat jy kan gebruik.

**Skryf ’n konsep**
- Gebruik die verlede of toekomende tyd.
- Skep ’n prent in jou kop.
- Gebruik woorde wat die persoon beskryf

**Hersien, redigeer, proeflees en aanbied**
Lees die opstel weer en skryf dit netjies oor.

## Taal in konteks

**Woordeboekgebruik:**
Daar is verskillende soorte woordeboeke.
Tweetalige woordeboeke word gebruik om ’n woord in ’n ander taal op te soek. Verklarende woordeboeke help 'n mens om die betekenis van ’n woord op te soek.

**Oefening 3: Gebruik ’n woordeboek en skryf die Engelse betekenis van die volgende woorde neer:**
1. heerlik
2. besonders
3. aangenaam
4. pligsgetrou

**Skryftekens:**
Die **ê** en die **ë** verander die uitspraak van 'n woord.

| kappie - ê | deelteken - ë |
|---|---|
| sê | geëet |
| hê | oë |
| skêr | pasiënt |
| wêreld | koeël |
| bêre | voël |
| nêrens | reën |
| môre | spieël |
| rûe | seën |
| lêer | moeë |

**Oefening 4: Maak die taalfoute in die volgende sinne reg.**
1. N man neem sy kend skool toe.
2. Dit gaan nerens reen nie.
3. Jan se dat hy baie warem kry.
4. Die kind het pap en melk geeet.
5. Die voel se vlerk het baie seergekry.
6. bere die melk in die yskas.
7. Die leerder se leer is netjies.

**Oefening 5: Breek die volgende woorde in lettergrepe op.**
1. gesels ..................................... 2. kommunikasie .....................................

**Taal in konteks: Die werkwoord** (Woordorde in enkelvoudige sinne)

- Die belangrikste woord in 'n sin is die werkwoord (*verb*).
- Die werkwoord sê wat gedoen word.
- Dit staan altyd in die **tweede posisie** in 'n sin.
- As jy wil weet watter woord die werkwoord is, kan jy vra **WAT GEDOEN** word.

| Eerste posisie (onderwerp) | Tweede posisie (gesegde) | Derde posisie (voorwerp) |
|---|---|---|
| Mense | gebruik | selfone |

**Oefening 6: Skryf die volgende sinne reg oor. Die werkwoord moet in die tweede posisie staan.**
1. Met my vriende graag gesels ek.
2. Elke naweek my gesin kyk televisie.
3. Saterdae ek help my ma skoonmaak.
4. Sondag ons kinders het kerk toe gegaan.

**Oefening 7: Skryf die sinne oor, maar vervang die onderstreepte woorde met 'n meervoud.**
1. Jan se oog is baie seer.
2. Die klaskamer se muur is vuil.
3. Die skool is baie skoon.
4. Die kind hardloop en speel die hele dag.
5. Ma werk elke dag baie hard.
6. Omdat dit so warm is, is daar *'n* vlieg in die huis.
7. Sipho neem graag *'n* foto met sy selfoon.
8. Die vrou bak heerlike brood.
9. Ons buurman werk gereeld in die tuin.
10. Die politikus maak baie beloftes.
11. Die speelding behoort aan die seun.

**Oefening 8: Skryf die sin oor en vervang die onderstreepte woorde met 'n verkleinwoord.**
1. My neef skop die bal.
2. Die meisie het haar hoed verloor.

3. Die foto van die bruid is baie mooi.
4. Daar is ’n slang in die boom.
5. Die honde het die hele nag geblaf.
6. Die kar staan langs die pad.
7. Die skelm het Maria se ring gesteel.
8. Ons vakansie was baie kort.
9. Die koning is baie siek.

**Oefening 9: Skryf die sin oor en gee die regte vorm van die woorde tussen hakies.**
1. Die (glad) seep val op die vloer.
2. Pulanie smeer handeroom aan haar (grof) hande.
3. Die (goud) horlosie is baie duur.
4. Die (splinternuut) motor was in ’n ongeluk betrokke.
5. Die (oud) man is baie grys.

**Oefening 10: Skryf die sin oor in die teenwoordige tyd.**
1. Die meisie het in die koor gesing.
2. Sipho het die deur oopgemaak.
3. Die skool het in Januarie begin.
4. Die onderwyser het gestaan en skryf.
5. Puleng kon nie vinnig hardloop nie.

**Oefening 11: Kies die regte lidwoord tussen hakies.**
Die meisie staan voor (die, ’n) Wiskundeklaskamer en huil.
1. In (die, ’n) somer is dit baie warm.
2. In (die, ’n) toekoms gaan dit warmer word.
3. (Die, ’n) hond wat aan Peter behoort, blaf baie.
4. (Die, ’n) bok hardloop oor die pad.

**Oefening 12: Verander die volgende sinne in stelsinne.**
1. Is al die leerders vandag siek?
2. Moet stout leerders gestraf word?
3. Is daar genoeg water en kos by die huis?
4. Gaan dit vandag hard reën?
5. Loop die meisies gereeld dorp toe?

# Hoofstuk 2: Eet gesond, leef gesond

In hierdie hoofstuk gaan jy:



| | |
|---|---|
| Luister en praat | * leer hoe om vir inligting en met begrip te luister. |
| Lees en kyk | * ’n Paar kenmerke van ’n leesboek ondersoek.<br>* die funksies van ’n kortverhaal se kenmerke bespreek.<br>* ’n kortverhaal lees en bespreek. |
| Skryf en aanbied | * hersiening van prosesskryf doen en ’n beskrywende opstel skryf. |
| Taalstrukture en -konvensies | * spelreëls en -patrone leer.<br>* leestekens korrek gebruik.<br>* nuwe woorde deur middel van voor- en agtervoegsels vorm.<br>* byvoeglike naamwoorde korrek gebruik.<br>* bywoorde in sinne gebruik. |

## Luister en praat:
### Luister vir inligting en begrip

**Pre-luister**

’n Mens verstaan die wêreld rondom jou nie net deur te lees nie, maar ook deur te luister.

**Oefening 1. Voltooi die volgende kolom deur elke keer ’n kruisie oor die regte antwoord te trek:**

<table>
<tr><th colspan="3">HOE MOET ONS ELK VAN DIE VOLGENDE GEBRUIK OM INLIGTING TE BEKOM?</th></tr>
<tr>
<td>
</td>
<td></td>
<td>
</td>
</tr>
<tr><td>LEES of LUISTER?</td><td>LEES of LUISTER?</td><td>LEES of LUISTER</td></tr>
<tr>
<td></td>
<td>
</td>
<td></td>
</tr>
<tr><td>LEES of LUISTER?</td><td>LEES of LUISTER</td><td>LEES of LUISTER</td></tr>
</table>

[Uit: *Google Images*, 2012]

Ons luister om inligting te bekom. Om seker te maak dat ons verstaan wat ons hoor, moet ons oefen om goed te luister. As ’n mens goed kan luister, sal jy ook beter kan leer.

Wanneer ’n mens vir spesifieke inligting luister, is dit altyd goed om die volgende dinge te doen:

- Maak seker dat jy altyd pen en papier gereed het.
- Maak effektiewe luisteraantekeninge – jou onderwyser sal ’n paar metodes van luisteraantekeninge met jou bespreek. Kies die een wat vir jou die beste werk.
- Vra onmiddellik as jy iets nie verstaan nie.
- Probeer om jou eie woorde te gebruik wanneer jy iets belangrik neerskryf – dit sal jou help om te verstaan waarna jy luister.
- Kyk weer na jou luisteraantekeninge en maak seker dat jy verstaan wat jy neergeskryf het.

**Tydens luister**

**Oefening 2: Kom ons kyk hoe goed jy kan luister**.

Jou onderwyser gaan vir jou ‘n teks lees oor waarom gesonde kos belangrik is. Daarna gaan hy/sy vrae oor die leesstuk vra wat jy mondeling moet beantwoord. Jy mag niks neerskryf nie. Konsentreer net op dit wat die onderwyser lees.

Werk in groepe.

Fluister (*whisper*) die antwoord van die vraag in die persoon wat langs jou sit, se oor. Jy mag die antwoord net een keer fluister.

Die persoon langs jou moet nou weer die antwoord wat jy gegee het, in die volgende persoon se oor fluister.



[Uit: *Google images*, 2012]

Die laaste persoon wat die antwoord hoor, moet dit hardop in die klas herhaal.

**Post-luister**

Besluit nou saam of die antwoord reg is.


## Lees en kyk:
**Inleiding tot ’n literêre werk**

In hierdie afdeling gaan jy ’n kortverhaal lees.

**Pre-lees**

Voordat ’n mens ’n kortverhaal lees, is dit altyd lekker om eers so ’n bietjie oor die storie te wonder en te raai. Gewoonlik kan ’n boek se buiteblad jou lekker laat raai oor wat jy van die boek kan verwag. ’n Mens behoort eers ’n bietjie na die buiteblad van enige boek te kyk voordat jy begin lees.

**Oefening 3: Kyk na die volgende buiteblad van ’n kortverhaalbundel en beantwoord die volgende vrae.**




1. Wat is die titel van hierdie kortverhaalbundel?
2. Hoe weet ’n leser dat hierdie boek meer as een verhaal bevat?
3. Hoekom, dink jy, is daar besluit om ’n prentjie van ’n konka op die buiteblad te gebruik?

**Oefening 4: Kyk na die inhoudsopgawe van ’n kortverhaalbundel en beantwoord die vrae wat volg.**

## Inhoud

Voorwoord

EENHEID 1
*Die kind en die president* .......................................... 1
Karl Gouws

EENHEID 2
*’n Gevaarlike middagete* .......................................... 11
Janie Paulsen

EENHEID 3
*Die vreemde besoeker* .......................................... 19
Johan Raath

EENHEID 4
*Die haas en die skilpad* .......................................... 26
Otto Buys

EENHEID 5
*Meneer Motso en die luislang* ..........................................33
Siphiso Mokoena

GLOSSARIUM ..........................................................45

1. Hoekom, dink jy, moet ’n boek ’n inhoudsopgawe hê?
2. Watter een van die kortverhale sal moontlik by die tema *"Eet gesond, leef gesond"* pas?
3. Watter een van die kortverhale lyk vir jou na die interessantste een om te lees? Motiveer jou antwoord.
4. Wat, dink jy, gebeur in Eenheid 4 se verhaal tussen die haas en die skilpad?
5. Na watter bladsy sal jy blaai indien jy ’n moeilike woord in een van die stories dalk nie verstaan nie?

Voordat jy die kortverhaal lees, moet jy seker maak dat jy die volgende kenmerke daarvan ken:

**TITEL:** Dit is die "naam" van ’n kortverhaal. Soms verstaan ’n leser nie altyd heel aan die begin die titel nie en dan moet die verhaal eers gelees word sodat die titel verstaan kan word.

**KARAKTERS:** Karakters is mense (soms diere) wat ’n rol in die verhaal speel. Karakters is die mense (soms diere) wat dinge in ’n verhaal doen of waaroor die verhaal handel. ’n Kortverhaal het gewoonlik min karakters. As ’n mens ’n kortverhaal lees, soek jy gewoonlik na die karaktereienskappe van ’n karakter. ’n Karaktereienskap sê gewoonlik vir ’n leser wat se soort mens die hoofkarakter is. ’n Leser lees dus vir inligting deur te kyk wat ’n karakter doen of wat hy/sy sê om te besluit watter karaktereienskappe die karakter het. Soms vertel ’n karakter se naam ook iets van sy/haar karaktereienskappe. ’n Leser gebruik die karaktereienskappe om te besluit of hy van ‘n karakter hou of nie. Dit is belangrik dat jy altyd moet motiveer waarom jy van ’n karakter hou of nie.

**VERTELLER:** Elke kortverhaal het iemand wat die storie vertel. Soms is dit een van die karakters in die verhaal wat die storie vertel, maar soms kan ’n mens nie ’n naam aan die verteller gee nie. Onthou net: die verteller van ’n kortverhaal en die skrywer is nie dieselfde persoon nie.

**RUIMTE:** Dit is die plek waar ’n kortverhaal afspeel. ’n Leser moet altyd probeer om ’n prentjie in sy kop te sien van die plek waar die gebeure plaasvind, want dit help ’n mens om die verhaal beter te verstaan.

**TEMA:** ’n Skrywer besluit om ’n verhaal teen ’n sekere agtergrond te skryf – dis die tema. ’n Tema is gewoonlik iets waarmee ’n leser elke dag te doen kry.

**BOODSKAP:** Soms kan ’n leser ’n lewensles leer uit dit wat in die verhaal met sommige van die karakters gebeur. Dit maak elke verhaal interessant, want vir elke leser sal die boodskap in ’n verhaal anders wees.

**Oefening 5**

Om seker te maak dat jy die kenmerke van ʼn kortverhaal goed ken, voltooi die volgende blokraaisel in jou werkboek.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | R | E | | T | | 7 B | |
| | 6 T | | | | | | | | |
| | | | | | | | 2 | O | L |
| | M | | | | | | | D | |
| 3 | A | R | | K | 8 | E | R | | |
| | | | | | I | | | K | |
| | 4 R | | I | M | T | | | | |
| | | | | | E | | | P | |
| 5 | E | R | | E | | | | | |

**Leidrade dwars**:

1. Jy vorm dit in jou kop wanneer jy probeer verstaan waar ʼn verhaal afspeel.
2. ʼn Karakter speel ʼn ... in die verhaal.
3. Sonder hulle kan ʼn verhaal nie plaasvind nie.
4. ʼn Ander naam vir die plek waar ʼn verhaal afspeel.
5. Elke storie word deur iemand ... .

**Leidrade af**:

6. Dit is die agtergrond waarteen ʼn verhaal afspeel.
7. In elke verhaal is daar een.
8. Eerste ding wat jy sien as jy na die voorblad van ʼn boek kyk.

## Taal in konteks

### Klanke in Afrikaans

As jy goed wil skryf, is dit belangrik dat jy reg moet spel. Daarom moet jy seker maak dat jy die verskillende klanke wat in Afrikaans gebruik word, baie goed ken. Jy moet ook sorg dat jy die spelreëls wat saam met hierdie klanke gebruik word, reg kan gebruik. Leer die volgende klanke en spelreëls.

### Vokaalletters

Afrikaans gebruik **vyf** vokaalletters.

**a, e, i, o, u**

- Sonder hierdie klanke kan ʼn mens nie woorde vorm nie.
- As ʼn mens hierdie klanke uitspreek, bly jou mond oop en sit ʼn mens nooit jou lippe opmekaar nie.
- Party van die vokale kan lank of kort uitgespreek word.
  - beet = lank / bed = kort
  - loop = lank / kop = kort
  - aap = lank / appel = kort
  - muur = lank / bus = kort
- Oop lettergrepe: ma-ne / be-ne / bo-me

**Konsonantletters**

Afrikaans gebruik gereeld die volgende konsonantletters:

| **b, c, d, f, g, h, j, k, l, m, n, p, r, s, t, v, w, z** |
|---|

- Wanneer ’n mens ’n klank vorm en jy moet jou lippe op mekaar sit of jou mond toemaak, dan word so ’n klank ’n konsonant genoem.
- Geslote lettergrepe: man / kop-pe / sak-ke

Die volgende spelreëls is baie belangrik. As jy dit nie ken nie, gaan jy baie spelfoute maak.

’n Vokaalklank aan die einde van ’n oop lettergreep word altyd lank uitgespreek, maar met een vokaal geskryf bv. vrede > vre-de.

’n Lang vokaalklank in ’n geslote lettergreep word met twee vokale geskryf bv. maan/ saam.

Na ’n kort, beklemtoonde vokaal word die konsonant wat volg, verdubbel bv. latte / sakke / potte.

Wanneer ’n mens twee of meer verskillende vokale in dieselfde lettergreep amper soos een klank uitspreek, staan die klank as ’n diftong bekend.

| **ai, baie; ei, klei; eeu, leeu; ou, tou** |
|---|

**Oefening 6: Lees die volgende teks en beantwoord die vrae wat volg.**



’n Mens het krag nodig om te beweeg. Daarom moet ’n mens kos eet sodat die liggaam die kos kan gebruik om energie te vervaardig. Sodra ’n mens eet, stuur die maag boodskappe na die brein sodat die kos verteer kan word. Dieetkundiges sê dat dit belangrik is om in die oggend ontbyt te eet. Dit sal ook help dat ’n mens se bene sterk en gesond bly. Ontbyt is die belangrikste ete van die dag. Dit neem net ’n paar minute om vir jou ’n gesonde ontbyt te maak. ’n Mens hoef nie baie moeite te doen met jou ontbyt nie. Sorg net dat jy die regte kos vir ontbyt eet. Om gou ’n eier te bak of graanvlokkies te eet, sal min tyd in beslag neem.

1. Hoekom word die g-klank in liggaam verdubbel?
2. Soek nou nog ander woorde waar dieselfde reël geld.
3. Hoekom word die e-klank in bene nie verdubbel nie, al word dit lank uitgespreek?
4. Skryf al die woorde neer waar diftonge gebruik is om nuwe klanke te vorm.

Wanneer jy die klanke in Afrikaans goed ken, kan jy begin om woorde te vorm. En daarna gebruik jy weer die woorde om sinne te vorm.

**Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg:**



# *EET GESOND, LEEF GESOND*

**Dieet**

Die voedsel wat 'n mens eet, staan bekend as sy of haar dieet. 'n Gebalanseerde dieet sal voedsel van al die voedselsoorte bevat asook die regte hoeveelhede daarvan. Verskillende voedselsoorte bevat onder andere die volgende voedingstowwe wat 'n mens se liggaam nodig het sodat jy gesond kan leef.

**Koolhidrate**

Die mens het die grootste hoeveelheid graan en graanprodukte nodig, omdat dit 'n onmiddellike bron van energie is. Koolhidrate kom in suiker en stysel voor. Dié voedselsoorte laat 'n mens gou versadig voel. Wees egter versigtig – te veel hiervan word in die liggaam in vet omgesit wat daartoe lei dat mense oorgewig is.

**Proteïene**

Voorbeelde van voedselsoorte wat ingeneem moet word om proteïene aan die liggaam te verskaf, is vleis, vis, eiers, en boontjies. Proteïene se funksie is om seerplekke gesond te maak. Te veel van hierdie voedselsoorte skei uriensuur af wat 'n mens se niere kan beskadig.

**Vitamiene**

Vrugte en groente is baie belangrik vir 'n gesonde dieet omdat dit vitamiene aan die liggaam verskaf wat die liggaam in 'n goeie, werkende toestand hou.

**WOORDESKAT**

**dieet** *(diet (a specific eating plan))*
**voedsel** *(food)*
**voedingstowwe** *(nutritious substances)*
**koolhidrate** *(carbohydrates)*
**proteïene** *(proteins)*
**graan** *(wheat)*

**Leestekens**

As ’n mens goeie sinne wil skryf, is dit belangrik dat jy die leestekens reg gebruik. Twee van die belangrikste leestekens is die punt en die komma.

Kyk of jy nog van verlede jaar kan onthou waar ’n mens die punt en die komma in sinne gebruik.

**Oefening 7: Skryf die onderstaande sinne in jou werkboek oor en voeg die ontbrekende leestekens (’n punt of ’n komma) op die regte plekke in.**

1. As ’n mens gesond eet voel jy sommer baie lekker.
2. Ek het ’n seer tand van te veel suiker eet en moet na die tandarts (*dentist),* dr. Mohanjane toe gaan.
3. ’n Mens mag suiker eet maar te veel daarvan sal jou vet maak.
4. Net 5 mg suiker op ’n slag is genoeg om ’n mens sleg te laat voel
5. Proteïene koolhidrate en vette is belangrike voedingstowwe.
6. Ek hou van vis want die proteïene daarin is gesond.
7. Vitamiene wat bv. in vrugte en groente voorkom help om my liggaam sterk te hou.

**BYVOEGLIKE NAAMWOORDE**

’n Mens kan ook goeie sinne skryf deur die regte woorde te gebruik.

Byvoeglike naamwoorde help gewoonlik om beter beskrywende sinne te skryf. Hersien weer die eienskappe van byvoeglike naamwoorde.

**Byvoeglike naamwoorde**

- Byvoeglike naamwoorde vertel altyd meer van ’n selfstandige naamwoord, byvoorbeeld:

’n ***rooi*** appel

- As jy trappe van vergelyking van ’n woord kan vorm, dan is daardie woord ’n byvoeglike naamwoord, byvoorbeeld:

Hy eet ’n ***rooi*** appel, maar sy broer se appel is ***rooier*** en sy pa eet die ***rooiste*** appel wat ek nog gesien het.

**Oefening 8: Vorm trappe van vergelyking vir die vet gedrukte byvoeglike naamwoorde in die volgende sinne. Vorm eers die vergrotende trap en daarna die oortreffende trap. Gebruik die nuwe woorde elke keer in jou eie sin.**

1. Ek eet graag **gesonde** kos.
2. Gesonde mense is nie **bang** om gereeld te oefen nie.
3. As jy elke dag oefen, is jy baie **fluks**.
4. Dokters is **kwaai** as hulle sien dat jy nie gesond eet nie.
5. In die oggende is ek altyd **honger**.
6. As ek gesonde kos sien, is ek **opgewonde**.
7. Vleis is baie **duur** as jy dit by die supermark koop.
8. Eet net ’n **bietjie** suiker as jy gesond wil bly.

**Byvoeglike naamwoorde**

Soms wil jy ’n situasie met meer gevoel uitdruk om klem daarop te lê. Een van die maniere om dit te doen is om ’n **intensiewe** vorm van ’n byvoeglike naamwoord te vorm. ’n Intensiewe vorm stel altyd iets in sy ergste/beste vorm, bv.

- Die **geel** piesang in my bord lyk baie lekker. Die **goudgeel** piesang in my bord lyk baie lekker.
- Intensiewe vorme is altyd een woord.

Leer die volgende intensiewe vorme:


| | | | |
|---|---|---|---|
| bloedrooi | seepglad | peperduur | smoordronk |
| doodstil | stokdoof | skatryk | spotgoedkoop |
| galbitter | stokoud | pikdonker | dolleeg |
| stroopsoet | yskoud | doodmoeg | neutvars |
| rietskraal | trommeldik | skreeulelik | asynsuur |

**Oefening 9**

Verdeel in groepe en kies een van die kolomme met die intensiewe vorme. Maak nou sinne met daardie intensiewe vorme. Skryf dit in julle werkboeke. Die groep wat die meeste sinne binne vyf minute maak, is die wenners.

**Voor- en agtervoegsels**

In Afrikaans vorm ’n mens baie keer nuwe woorde deur voor- en agtervoegsels by ’n woord te voeg.
Hier is ’n paar voorbeelde:
Groente is **gesonde** kos.
Sjokolade is ’n **<u>on</u>gesonde** lekkerny as jy te veel daarvan eet.
Ek eet graag elke dag ’n lekker, rooi **appel**.
Ek hou veral van die klein, rooi **appel<u>tjies</u>**.



In taalkunde staan die voorvoegsel bekend as ’n premorfeem en ’n agtervoegsel word ’n postmorfeem genoem.

**Premorfeme** kry ’n betekenis wanneer dit saam met ’n woord gebruik word wat reeds bestaan. Leer die betekenisse van die volgende premorfeme:

***her*** – weer ’n keer: Ek herken gesonde kos as ek dit sien.
***on*** – nie: Te veel suiker in ’n mens se kos is ongesond.
***ver*** – verander van: Vir ’n gesonde liggaam moet ’n mens die voedselsoorte in jou dieet vervang.
***anti*** – teen: Antirokers is gesonder as mense wat rook.
***wan*** – nie/sleg: As jy nie genoeg eet nie kan jy aan wanvoeding ly.
***oer*** – baie oud: In die oertyd het mense net vrugte geëet.

**Postmorfeme** word ook gebruik om meervoude en verkleining van woorde te vorm. Kyk na die volgende voorbeelde:

Appels is gesonde **vrugte**.

Dis ’n goeie idee om **boontjies** in jou dieet in te sluit.
Was altyd eers jou vrugte voor jy dit eet, want dit kan dalk ’n klein **goggatjie** hê.

**Oefening 10 : Lees die volgende teks en beantwoord die vrae.**

**’n Gebalanseerde dieet**
As jy vir jou ’n bord kos inskep, moet jy die volgende in gedagte hou:

Die helfte van jou bord moet uit verskillende soorte groente bestaan. Sorg maar dat daar altyd ’n tamatietjie en ’n ander groenigheidjie op jou bord is. Groente moet nie oninteressant op jou bord vertoon nie, want dan eet ’n mens nie lekker nie. Groente moet altyd so gaargemaak word dat dit lekker smaak. ’n Goeie wenk is om ook seker te maak dat die groente in jou bord kleurryk vertoon.

Graan moet ’n kwart van jou bord kos uitmaak. Hoë graanvoedselsoorte sorg dat jou metabolisme aan die gang bly. Sorg dat jy gereeld die voedselsoorte op jou bord herorganiseer.

Die laaste kwart van jou bord, met gesonde kossoorte, moet uit maer proteïene bestaan.

**Vrae**
1. Vorm ’n verkleinwoord van die onderstreepte woord:
   As jy vir jou ’n **<u>bord</u>** kos inskep, moet jy gesonde kos inskep.
2. Wat is die funksie van die agtervoegsel in die onderstreepte woord?
   Daar moet altyd ’n **<u>tamatietjie</u>** in jou bord wees.
3. Wat beteken die voorvoegsel in die onderstreepte woord?
   Groente moet nie **<u>oninteressant</u>** op jou bord vertoon nie.
4. Skryf ’n woord uit die teks met ’n voorvoegsel wat “weer” beteken.
5. Wat is die funksie van die agtervoegsels in die twee onderstreepte woorde?
   Die laaste kwart van **<u>borde</u>** met gesonde **<u>kossoorte</u>** moet uit maer proteïene bestaan.

## Lees en Kyk

### Pre-lees

**Oefening 11: Bespreek die volgende vrae in groepe.**
1. "Honger is die beste kok" is ’n spreekwoord wat ons in Afrikaans gebruik om te sê dat enige kos lekker smaak as ’n mens net honger genoeg is. Stem jy saam? Watter kossoort(e) sal jy byvoorbeeld nooit eet nie, al is jou hongerpyne ook hoe groot?
2. Watter kos is vir jou die lekkerste en wat sal jy graag elke dag wil eet?
3 Watter kossoort(e) is tipies van jou kultuur? Verduidelik hoe dit gemaak word.
4. Het jy al self kos gemaak? Vertel daarvan.

**Oefening 12: Hieronder is twee beskrywings van tipies Suid-Afrikaanse kosse. Lees dit en beantwoord die vrae wat volg:**

**WOORDESKAT**

**rooiwarm** – *red hot/burns quite a lot*

**speserye** – *spices that gives flavour to food*

**rissies** – *chillies*

**woema** – *energy*




[Uit: *Google Images*, 2012]

**ATJAR –** "Dis rooiwarm en proe soos vuur in jou mond. Daai speserye in Mamma Koo se Chakalaka is aan-die-brand-lekkerte! Gebruik dit saam met groente en jy kry Chakalakadu en saam met rissies en mango gemeng – jô-jô! Net die regte soort woema vir 'n koue wintersdag!"

1. Waarvoor gebruik 'n mens atjar?
2. Hoe sal jou mond voel as jy dit eet?
3. Watter gevoel word deur die uitroep "jô-jô" uitgedruk?
4. Wat beteken "woema"?

**SMILIES –** As jy vanaand by die taverne inloop, sal jy waarskynlik sien dat mense baie breed glimlag. Dan moet jy weet hulle eet "smilies" – skaapkop! Ander noem dit sommer net "skop". Vat 'n hap saam met pap! 'n Sokkerwedstryd oor die TV is net nie dieselfde sonder 'n "smilie" in koerantpapier nie. Ook nie 'n stokveldag nie. Selfs 'n indaba of 'n lobola-seremonie is nie lekker sonder "smilies" nie. 'n Township sonder sy "smilies" is nie 'n township nie.

[Aangepas uit: *Konka*, 2002]



**WOORDESKAT**

**taverne** – *a saloon where people meet to have a drink and something to eat*
**skaapkop** – *the head of a sheep*

5. Watter ander soort kos word soms ook in koerantpapier toegedraai?
6. Hoe dink jy word "smilies" gaargemaak?
7. Sal jy so 'n skaapkop eet? Verduidelik jou antwoord.
8. Watter bevolkingsgroepe dink jy sal 'n "smiley" en atjar eet?
9. Vertel vir die klas van die snaaksste gereg (*dish*) wat jy al geëet het.

**Tydens lees**
Lees nou die volgende kortverhaal oor ’n vrou wat graag vir haar gaste ’n ete met gesonde kos wil voorberei en beantwoord dan die vrae.

**DIE LEMOEN**
Corlia Fourie
Die vrou het lanklaas gaste vir ete genooi. Omdat Dokter Nel en sy vrou belangrike mense is, het sy besluit om hulle vir ete te nooi.

Sy weet dat sy nie vetterige of baie soet kos op die tafel moet sit nie, want die dokter en sy vrou hou net van gesonde kos. Sy weet dat dit spogdisse moet wees.

Sy blaai deur haar resepteboeke en soek na ’n lekker resep vir vis en slaai. Maar wag eers, wat sal sy vir ’n voorgereg bedien? Wat van komkommer-en-avokado-voorgereg? Die skyfies komkommer en die blokkies avokado sal lekker koel in glasbakkies lyk. Sy sal jogurt daarmee saam bedien.

Nou die slaai. Sy moet seker maak dat die dokter en sy vrou gesond eet. Sy wil nie môre in die dorp hoor haar kos wat sy vir gaste aanbied, is ongesond nie! ’n Groen slaai met gesonde saadjies en ander goed wat lekker kraak. Miskien sommer ’n lekker sampioenslaai met uie, knoffel, suurlemoensap, olyfolie en uiegras. Lekker!

Wat gaan sy vir nagereg bedien? Kan ’n lekker nagereg ooit gesond wees, wonder sy. Haar oog vang die resep vir sjokoladelietsjies! Sappige vruggies wat tussen jou tande oopbars as jy deur die sjokolade byt. Hmm! Heerlik!

By die supermark om die hoek koop sy alles op haar lysie en toe sien sy die aarbeie – groot, rooi en sappig. Sy neem twee pakkies.

Toe sy reeds in die ry staan om te betaal, dink sy daaraan dat haar seun se twee vriende dalk ook onverwags vir ete mag opdaag. Hulle eet soos leeus. Sy werk vinnig uit en gaan haal nog ekstra bestanddele vir haar ete – daar mag nie te min kos wees nie! Sy vat ook drie ekstra pakkies aarbeie en twee ekstra blokke sjokolade en sit dit in haar mandjie wat reeds oorloop van sampioene, avokadopere en suurlemoene. Sy het sommer vir die wis en onwis twee pakkies aartappels, ’n pak lemoene, ’n sakkie perskes en ’n pak biltong ingepak.

So ja, nou móét dit genoeg wees.

Toe eers sien sy die seun van so sestien, sewentien wat net agter haar staan. Sy T-hemp is geskeur, sy broek sak af oor sy heupe en daar lê ’n lagie stof oor sy hare en sy hele gesig.

In sy hand is een groot lemoen.
Net een lemoen!
En dis middagete. Wat kan jy met een lemoen maak?

Toe sy haar mandjie na haar motor stoot, kyk sy om.
Op die stoep voor die supermark staan die seun en voel-voel aan die lemoen. Gaan hy dit afskil en die sappige, soet skyfies een vir een in sy warm, droë keel laat afgly? Of gaan hy die lemoen sagmaak en stadig uitsuig?

Toe sy ry, sien sy hoe die seun in ’n leë parkeerruimte vorentoe tree, sy oë stip op die lemoen op die grond, hoe hy sy een voet langs die lemoen neersit, sy ander voet draai, en dit toe met die binnekant van sy voet ’n ligte skoppie gee, hardloop, dit inwag en dit toe dribbel-dribbel van die motors wegkeer.

[Verkort en aangepas uit *Konka*, 2002]

| WOORDESKAT | |
|---|---|
| **gaste** – *guests who are visiting you*<br>**spogdisse** – *meals that will impress guests*<br>**resepteboeke** – *books with information on what ingredients are to be used for a meal and how it should be prepared/recipe book* | **voorgereg** – *the meal to be served before a main course*<br>**nagereg** – *dessert*<br>**biltong** – *meat that is cut into thin slices and then left to dry*<br>**bestanddele** – *ingredients*<br>**komkommer** – *gherkin* |

**Post-lees**

**Oefening 13: Bespreek die volgende vrae in julle groepe. Maak seker dat elke lid van die groep aan die bespreking deelneem.**

1. Hoekom het die vrou Dokter en Mevrou Nel vir ete genooi?
2. Watter van die geregte wat die vrou beplan, klink vir julle die lekkerste?
3. Kyk weer na die beskrywing van die seun met die lemoen. Wat kan julle van sy voorkoms aflei?
4. Die vrou in die kortverhaal is die hoofkarakter.

4.1 Haar voorkoms word glad nie beskryf nie, maar die leser kan wel ’n prentjie van haar vorm. Hoe dink julle lyk sy?

4.2 Wat doen sy sodat julle kan aflei dat dit vir haar belangrik is dat haar gaste gesonde kos moet eet?

4.3 Waarom, dink julle, word haar naam nooit genoem nie?

5. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer julle antwoorde met ’n aanhaling uit die teks.
   Die seun met die lemoen is arm.
6. Beskryf vir mekaar die ruimte waarin hierdie verhaal afspeel.
7. Hou julle van die vrou? Motiveer julle antwoorde.
8. Dink julle die titel van die kortverhaal is ’n goeie titel? Motiveer julle antwoorde.
9. Is al die disse wat die vrou voorberei het, regtig gesond? Verduidelik julle antwoorde.
10. Watter les kon julle uit hierdie verhaal leer?


## Skryf en aanbied



Volg die stappe van die skryfproses en skryf ’n opstel van 200 – 250 woorde.

Hersien weer die stappe wat jy moet volg voordat jy ’n opstel kan skryf. Jy mag die onderstaande raamwerk gebruik om ’n opstel te skryf waarin jy beskryf hoe jy ’n spesiale ete vir Valentynsdag gaan voorberei. Gee jou eie titel vir die opstel.






Jy sal ’n baie goeie beskrywende opstel skryf as jy van bywoorde en byvoeglike naamwoorde gebruik maak.
Gebruik die teenwoordige of die toekomende tyd.
Gebruik ook beeldspraak soos vergelykings, metafore en personifikasies.

# Hoofstuk 3: Hoe om reg te leer

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * lees oor menings van ander leerders.<br>* ’n luisteroefening doen. |
| Lees en kyk: Begrip | * ’n teks lees vir inligting oor leer- en skoolvakke.<br>* vrae beantwoord. |
| Skryf en aanbied | * ’n dialoog skryf. |
| Taalstrukture en -konvensies | * sinne in die verlede tyd skryf.<br>* leer van geronde en ongeronde klanke.<br>* die vraende voornaamwoord gebruik.<br>* die direkte en indirekte rede korrek skryf. |

## Luister en praat

**Lees en Praat: Lees die menings van die leerders oor leer.**


Puleng: Ek wil graag goed doen in die skool, daarom leer ek elke dag vir omtrent vier ure. Ek gebruik graag nuwe metodes om te leer.



Pulani: Ek weet ook nie hoe om reg te leer nie. Ek leer en leer en onthou dan nie die werk nie.

Cherylle: Ek wil dolgraag beter doen, want ek wil so graag ’n onderwyser word. Ek weet regtig nie hoe om te leer nie.

Jan: Hierdie jaar gaan ek hard werk. Graad 11 se punte tel mos vir toelating tot ’n universiteit.





Jerry: Ek gaan nie leer nie. Graad 10 was doodmaklik. Hoekom sal graad 11 nou moeiliker wees? Ek gaan TV kyk, strokies lees en rockmusiek luister. Ek voel vere vir skool.

**Woordeskat: Leer die betekenis van die volgende woorde.**
**metode** (*method*): ’n Manier om iets te doen.
**onthou** (*remember*): iets in die geheue (memory) te hou, nie te vergeet nie.
**toelating** (*admission*): om na ’n skool of universiteit te kan gaan.
**strokies** (*cartoons):* verhaal wat deur middel van prentjies of foto’s vertel word.


**Vrae oor luisteroefening**.

1. Watter leerders is positief oor Graad 11?
2. Watter leerders is onseker en bang vir Graad 11?
3. Watter leerder voel niks vir Graad 11 nie?
4. Met watter leerder stem jy saam? Sê hoekom jy so voel.

Party woorde kan verkeerd uitgespreek word: Wanneer ’n mens se mond rond is, is die klanke gerond. Wanneer ’n mens se mond nie rond is nie, is die klanke ongerond.

**Oefening 1**

Spreek die volgende woorde korrek uit. Gebruik dan al die woorde in ’n sin sodat die betekenis duidelik is.

|  **gerond** |  **ongerond** |
|---|---|
| vuur | leer |
| uur | vier |
| nuwe | pinte |
| duur | lees |
| punte | klere |
| kleure | mier |
| muur | dier |
| luister | |

## Lees en kyk

### Pre-lees

1. Hoe voel jy oor Graad 11?
2. Glo jy die Graad 12’s se stories dat Graad 11 baie moeilik is?
3. Maak ’n opname in die klas oor die vak waarvoor die leerders die bangste is.

Die graad 11-klas is baie bang vir graad 11. Hulle het gehoor almal sê dit is die moeilikste graad in hul skoollewe. Hulle bespreek dit met juf. Kompela.



### Lees

Lees al die inligting wat sy vir hulle gee oor leer.

**Hoekom moet ek leer?**

Kennis (*knowledge*) is mag (*power*)!

Leerders wat baie goed doen, het baie kennis. Hulle bou hulle lewens op hierdie kennis. Hulle neem ook besluite (*decisions*) en maak keuses (*choices*) op grond van die kennis.

Skoolvakke bevat iets van alles wat jy in die wêreld nodig het. Dit is die basis waarop jy eendag jou werk sal kies. Hoe meer jy van jou skoolvakke weet, hoe beter keuse sal jy oor jou werk hê.

Skoolvakke is die boustene (*building blocks*) van verdere studies (*further studies*). Dit is dus gevaarlik om nou al sekere vakke af te skryf, omdat jy dit "tog nie nodig sal hê nie".

Skool en studies skep die gewoonte om te werk. Jy spandeer (*spend*) agt ure van jou dag by die skool en om jou huiswerk te doen. 'n Werker werk ook agt ure per dag en 45 ure per week. Jou brein en jou liggaam raak gewoond daaraan om agt ure per dag te dink!

Skool en huiswerk leer jou ook konsentreer. (*concentrate*) So kan jy eendag jou werk baie goed doen.
[*Webwerf Hoërskool Monument*]

**Post-lees:**

**Oefening 2: Beantwoord die vrae oor die leesbegripsteks.**
1. Wat gee vir ’n mens mag?
2. Noem DRIE dinge wat leerders met kennis kan doen.
3. Waarvan is skoolvakke die basis?
4. Hoe help skoolvakke jou om keuses te maak?
5. Net Wiskunde is ’n bousteen vir jou toekoms.


5.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR?
5.2 Haal VIER WOORDE uit die teks aan om jou antwoord te bewys.

6. Watter gewoonte skep skool?
7. Hoeveel tyd per dag spandeer ’n leerder by die skool en ’n werker by die werk in ’n dag?
8. Dink jy om 45 ure per week te werk, is te lank? Motiveer jou antwoord.
9. Hoekom is dit goed dat leerders en werkers 45 ure werk?
10. Hoekom is dit goed om te konsentreer?

**Taal: Verlede tyd (past tense)**

Ons gebruik die verlede tyd om te vertel van iets wat reeds gebeur/klaar gebeur het.

’n Sin word soos volg in die verlede tyd geskryf:




| **Onthou:** Daar is werkwoorde wat nie **ge-** in die verlede tyd kry nie. Dit is werkwoorde wat met **ge-**, **be-**, **er-**, **her-**, **ont-**, en **ver-** begin. Voorbeelde is: **ge**beur, **be**gin, **er**ken, **her**ken, **ont**hou, **ver**geet. |
|---|

**Oefening 3: Skryf die volgende sinne in die verlede tyd**
1. Leerders doen baie goed.
2. Skoolvakke bevat kennis wat jy nodig het.
3. Jy voel beter oor jou werk.
4. Skool en studies skep die gewoonte om te werk.
5. Die leerders erken hulle is bang.

## Skryf en aanbied:

### ’n Dialoog

- In ’n dialoog praat twee mense met mekaar.
- ’n Dialoog het ’n spesifieke formaat.

Lees die dialoog hieronder en kyk mooi na die formaat.

| | | |
|---|---|---|
| Die sprekers se name staan teen die kantlyn.<br><br>Daar is ’n dubbelpunt na die naam. | **Thandi: Môre is ons in Graad 11.**<br><br>**Vuyo: Ek wonder wie gaan ons Afrikaans-onderwyser wees?** | ’n Reël word na elke spreker (spreekbeurt) oopgelaat.<br><br>Daar word geen aanhalingstekens gebruik nie. |
| Die dialoog word in blokvorm geskryf. | **Thandi: Ek is nogal bang vir al die huiswerk.**<br><br>**Vuyo: Ons moet dit net elke middag doen en nie agter raak nie.** | |

### Skryf: ’n Dialoog

**Skryf ’n dialoog (80 – 100 woorde) tussen jou en jou beste vriend oor julle ervarings in Graad 11.**
**Volg die stappe van die skryfproses.**

### Doen beplanning

- Gebruik ’n kopkaart om jou dialoog te beplan.
- Skryf die woorde neer wat jy kan gebruik.

### Skryf ’n konsep

- Skryf jou dialoog volgens die korrekte formaat.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Die sprekers se name kom langs die kantlyn.
- ’n Dubbelpunt word na die name gebruik.
- Laat ’n reël oop na elke spreker se woorde.

### Hersien, redigeer, proeflees en bied aan.

- Lees die dialoog weer en skryf dit netjies oor.

### Taal: Vraende voornaamwoorde

Daar is woorde wat ons kan gebruik om vrae te vra. Hulle is:

wie (*who*)
wat (*what*)
waar (*where*)
wanneer (*when*)
watter (*which*)
hoekom (*why*)
hoe (*how*)

?

**Oefening 4: Skryf die sinne oor met die korrekte vraende voornaamwoorde.**

1. (Wat/Wie) is bang vir Graad 11?
2. (Wat/Wie) besluit hulle oor hulle vakkeuse?
3. (Hoe/Wat) moet jy doen om hard te leer?
4. (Waar/Wanneer) is die Wiskundeklas?
5. (Hoe/Wanneer) skryf ons 'n Engelse toets?
6. (Hoekom/Hoe) neem jy Lewenswetenskappe?
7. (Wie/Hoe) laat begin die skool?

## Taal in konteks:

Belangrike dinge om te onthou as jy goed wil doen:

Dit is belangrik dat jy elke dag skool toe gaan. Gereelde skoolbesoek is belangrik vir goeie akademiese prestasie.

Sê vir jouself dat jy jou beste in die klas gaan gee en goed gaan luister. Vertel jou vriende van jou besluit; dit sal keer dat hulle jou steeds in die klas pla.

Maak kort aantekeninge van dit wat die onderwyser in die klas sê. Skryf die dinge neer wat jy nie verstaan nie. Vra jou onderwyser om dit vir jou te verduidelik.

Skryf die wenke wat die onderwyser gee neer.

Skryf jou huiswerk, toetse en opdragte in jou huiswerkboek neer. Dit sal help dat jy al jou huiswerk doen en inhandig.

Lees elke middag die werk wat julle gedoen het, deur. Jou brein wil graag die inligting wat jy in die klas gehoor het, bêre. Jy sal dit later makliker kan onthou!

[*Webwerf Hoërskool Monument*]

### Direkte en indirekte rede

As ons wil oorvertel wat iemand gesê het, gebruik ons die indirekte rede. Volg die volgende stappe om die **direkte rede** na die **indirekte rede** te verander.

**Thabo sê : " Mnr. Tladi help ons. "**

Stap 1: Trek die dubbelpunt dood. Thabo sê ~~:~~ "Mnr. Tladi help ons."

Stap 2: Trek die aanhalingstekens dood. ~~"~~ Mnr. Tladi help ons. ~~"~~

Stap 3: Skryf in die plek van die dubbelpunt dat. Thabo sê **dat** ...

Stap 4: Soek die werkwoord en skuif dit na die einde van die sin. Thabo sê dat mnr. Tladi help ons help.

Stap 5: Skryf die sin korrek oor: **Thabo sê dat mnr. Tladi hulle help**.

**Oefening 5: Skryf die volgende sinne in die indirekte rede.**
1. Meneer sê: "Dit is belangrik dat jy elke dag skool toe gaan. "
2. Sipho sê: "Ek gaan die beste gee in die klas. "
3. Puleng sê: "Ek maak kort aantekeninge in die klas. "
4. Juffrou sê: "Ek verduidelik die Wiskunde vir die Graad 11's. "
5. Die skoolhoof sê: "Julle moet die wenke neerskryf. "

**Taal: Woordorde**

- Die bywoord van tyd, wyse en plek volg mekaar altyd op. Tyd kom altyd na die werkwoord, dan wyse (hoe iets gedoen word) en dan volg (plek waar iets gebeur).
- Die **bywoord van tyd** word bepaal deur **wanneer** te vra. Wanneer is die konsert?
- Die **bywoord van wyse** word bepaal deur **hoe** te vra. Hoe swem die seun?
- Die bywoord van plek word bepaal deur **waar/waarheen** te vra,
  bv. Die leerling speel **in die park**.

**Oefening 6: Voltooi die onderstaande tabel**
.

| | **TYD (time)** | **WYSE (manner)** | **PLEK (place)** | **WERKWOORD (verb)** |
|---|---|---|---|---|
| | *wanneer?* | *hoe?* | *waar?/ waarheen?* | |
| Thabo het | gister | hard | in die klas | geleer |
| Thabo sal | | | | lees |
| Thabo het | | fluks | | |
| Thabo het | verlede week | | | |
| Thabo sal | môre | | by die huis | |

**Oefening 7: Skryf die volgende sinne oor deur met die onderstreepte woord te begin.**
1. Die Afrikaanse les was <u>vandag</u> baie interessant.
2. Die leerders gaan <u>elke dag</u> skool toe.
3. Die onderwysers het <u>die vorige dag</u> die werk verduidelik.
4. Thabo leer <u>vanmiddag</u> die werk.
5. Tsidi sal <u>môre</u> opsommings maak.

**Al die woorde is woorde wat tyd aandui.**

**Oefening 8: Skryf die antwoorde van die volgende sinne neer.**
1. Hoe was die Afrikaanse les vandag?
2. Hoe skryf Maria in haar boeke?
3. Hoe hard leer Michael?
4. Hoe vinnig skryf Thabo die opstel?
5. Hoe doen Sabi haar opsommings?

**Al die antwoorde is woorde wat wyse aandui.**

**Oefening 9: Onderstreep die woorde wat sê op watter plek, (*place)* dit gebeur het**.
1. Die klok lui hard by die skool.
2. Maria skryf die opstel by die huis.
3. Michael leer baie graag in die biblioteek.
4. Thabo skryf elke dag vinnig in die Lewenswetenskapklas.
5. Sabi doen haar opsommings in die studiesaal.

**Al die woorde wat jy onderstreep het, dui plek aan.**

**Oefening 10: Rangskik die woorde wat tyd, wyse en plek aandui in die regte volgorde.**
1. Die Afrikaanse les was (in die Afrikaanse klas; die laaste periode; gister, interessant.)
2. Maria skryf (vandag; fluks (*diligent);* in die studiesaal) die opstel.
3. Mnr. Tladi het die kortverhaal (oor die radio; baie mooi; die vorige week) gelees.
4. Thabo doen sy huiswerk (deeglik; elke oggend, in die klaskamer).

5. Sabi het haar opsommings (vinnig; in die saal; gisteraand) gedoen.

**Oefening 11: Gee die regte vorm van die woord tussen hakies deur –de of –ende agter die werkwoord te voeg.**

**1.** Juffrou help die (sukkel) kinders met huiswerk.
2. Die (praat) kinders doen graag mondeling.
3. Die (skryf) kinders doen goed in Graad 11.
4. Die (lees) leerders het baie kennis.
5. Die (werk) brein bêre alle inligting.

# Hoofstuk 4: Lees: ’n Belangrike stokperdjie (hobby)

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * informele gesprekke voer oor die belangrikheid van lees. |
| Lees en kyk | * ’n kortverhaal, “Thabiso se groot blydskap”, lees en vrae daaroor beantwoord. |
| Skryf en aanbied | * ’n aansoekvorm invul.<br>* op prosesskryf fokus. |
| Taalstrukture en -konvensies | * punktuasie en konvensies van direkte en indirekte rede toepas.<br>* woorde van die teenoorgestelde geslag leer en gebruik.<br>* woordeskat uitbrei. |

## Luister en praat

**Praat: Maak ’n opname en hou dan ’n klasbespreking**

- Wie hou daarvan om te lees? Hoekom hou jy van lees?
- Wie hou nie van lees nie? Hoekom hou jy nie van lees nie?

**Praat: Groepbespreking**

Hou nou ’n groepbespreking oor die volgende sinne. Julle moet daarna terugvoer gee oor julle antwoorde.

Wat is ’n komedie (comedy)?

Wat is ’n tragedie (tragedy)?



## Lees en kyk

**Kortverhaal**

**Pre-lees**

- Kyk na die prentjie en sê waaroor die kortverhaal sal gaan?
- Hoeveel karakters dink jy is in die kortverhaal?
- Wie is die skrywer van die kortverhaal?

**Lees**

- Lees die kortverhaal op die volgende bladsye.
- Luister na die verduideliking van moeilike woorde.

# Thabiso se groot blydskap

Marita van Aswegen



Thabiso skop die leë koeldrankblikkie langs die pad, buk dan en tel dit op. Hy het nou al vyftig blikkies in die groot plastieksak by die huis. As hy honderd het, dan gaan hy dit skool toe vat en geld daarvoor kry. Hy is bly oor die klasprojek (*class project*) wat hulle het om die omgewing (*environment*) skoon te hou. Sy spaarbussie (*saving box*) wat hy op ’n geheime (*secret*) plek agter die huis begrawe het, raak al hoe voller en voller. Eendag gaan hy vir hom ’n fiets koop, dan sal die drie kilometer skool toe sommer speletjies wees.

Hy sien sy pa van ver af by die agterdeur van hulle vuurhoutjiebokshuisie (*matchbox*) op die bankie onder die boom sit. Ag nee, dit is dan in die middel van die week. Pa se lyf (*body*) hang skeef en slap soos dit gewoonlik aan die einde van die maand lyk.

Dan onthou Thabiso. Maar dit is mos die einde van die maand vandag. Pa het geld gekry. Hy en Malome Piti het natuurlik soos gewoonlik by Halfwegwinkel vir hulle ’n paar kartonne (*boxes*) bier gekoop. Wat gaan Ramosa sê as sy pa nie by die werk is nie? Hy was so kwaad toe sy pa verlede maand die bakkie gestamp het. Pa het ook te veel bier ingehad.

En hy het so uitgesien om vir Pa te vertel van die kompetisie (*competition*) wat hulle by die skool het. Die een wat die mooiste vervoermiddel van draad kan maak, kry duisend rand wat hy in ’n spaarrekening (*savings account*) moet betaal. Sjoe, dit is baie geld.

Pa is goed met sy hande. Thabiso hou hom altyd dop terwyl hy draad (*wire*) span of in die tuin werk. Pa tik en tik die rande van die beddinkies met die graaf totdat dit perfek is. "Jou tuin lyk soos ’n kunswerk! " het Ramosa al gesê.

Hy sal sy pa vra om hom te help om ’n bus van draad te bou. Pa kan nie lees en skryf nie, maar hy is goed om iets met sy hande te maak. En hy weet alles van plante af. Ouma het hom geleer. Sy het mense met plante gedokter toe sy nog gelewe het.

Thabiso kom nader. As Pa so is, is hy bang vir hom, want jy weet nooit wat hy volgende gaan doen nie. Die een oomblik sit hy nog lekker en dan vlieg hy op en begin baklei. Arme Ma. Sy het baie keer ’n stukkende plek aan haar lyf waar Pa haar geslaan het. Thabiso het ’n knop op sy maag. As hy net vir Pa kan vashou dat hy nie vir Ma seermaak nie. Maar hy is so maer. Oom Piti sê hoeka sy beentjies lyk net soos ’n sprinkaan s’n.

Hy byt sy onderlip, sy twee voorste tande is bietjie groter as die ander. Hoe sal hy nou maak dat sy pa nie so kwaad word nie.

Hy wens hy kan al die kartonne bier wat daar in die wêreld is, uitgooi. Pa sê dit is kos vir ’n man, maar al wat hy sien is dat dié soort kos ’n man kwaai maak en dat dit die geld insluk wat meel, tee en suiker moet koop. Dit maak Pa warm, maar hy en Ma kry koud. As hulle net ’n bietjie steenkool kan koop. Daar is nie meer droë bome op die kleinhoewes nie. Die mense wat daar bly, het alles opgebruik. Die winters in die Vrystaat is vrek koud, veral as ’n mens nie skoene het nie en ook nie bietjie koffie wat jou kan warm maak nie.

Hy tel ’n klip op en gooi na die naambord langs die pad. Hy weet dit is verkeerd om goed stukkend te gooi, maar die kwaad in sy hart moet uit en hy weet nie hoe nie.

"Dag Thabisjo." Pa se mond is effens oop. Langs die bankie staan ’n leë karton. Thabiso kom versigtig nader. "Hier’sj vir jou ’n pakkie Humbugs," sê Pa en vroetel die lekkers uit sy sak. Thabiso gee vinnig ’n groot tree, val amper oor ’n baksteen (*brick*) wat op die grond lê. Humbugs is sy geliefkoosde (favourite) lekkers (*sweets*).

"Is die skool al uit?" Pa kyk met slap oë na hom en hy val amper van sy bankie af toe hy oorbuk om die karton op te tel.

Verdekselse (*simple*) bier, dink Thabiso. Hoekom hou Pa so baie daarvan?

"Jy moet hard leer. Ek het nooit die kansj gehad soos jy nie. Het net skape opgepas. "Hy vee met sy hand oor sy oë. "Ek wou graag leer, maar nou’s dit te laat."

"Ek hoor daar is nou ’n nagskool vir grootmense waar hulle kan leer om te skryf," praat Thabiso vinnig. Maar sy pa het klaar weer die karton voor sy mond.

Thabiso glip vinnig die huisie in. Sy emmertjie pap staan op die tafel. Ma bêre dit altyd vir hom. Sy weet hy is baie honger as hy van die skool af kom. Hulle bly op ’n plaas. Dit is nou al sewe jaar wat hulle hier is. Hoe lank hulle nog hier gaan bly, weet hy nie. Hy’t gehoor Ramosa raas met sy Pa en sê hy drink gans te veel. Hy het hom al drie waarskuwings gegee omdat hy gedrink het terwyl hy by die werk was.

Die pap het ’n skeppie suiker oor. Ma weet hy’s lief vir soetgoed. Sy sluit die suiker in ’n blik toe. Sy ouboet wat in Gauteng werk, stuur soms vir Ma geld.

Toe hy klaar geëet het, gaan bêre hy die leë koeldrankblikkie by die ander. Langs die huis lê die sak met blikke wat hy al bymekaargemaak het. Hy maak dit oop. Die sak is amper vol. Elke maand vat Ramosa dit vir hom na die blikke-opkoopplek toe, dan kry hy geld daarvoor.

Die meeste van die tyd spaar hy sy geld in die blikkie wat hy onder die grond bêre. Hy maak die draadhek van die hoenderhok oop, kyk versigtig (*careful*) rond, buk dan af in die hoenderhok. Hy vroetel met sy hand in die hoendernes. Die hen vlieg met ’n geraas op. Hy tel die eier in die nes op, kyk weer oor sy skouer voordat hy die plaat onder die nes oplig. Hy voel met sy hand in die gat onder die plaat. Ja, dit is nog daar. Die metaal van die bliktrommeltjie is koud onder sy hande en hy glimlag. Tevrede loop hy met die eier huis toe en sit dit in die bakkie op die kombuiskas.

"Kom hier jou slegding!" hoor hy sy pa se bakleistem buite. Hy loer vinnig om die deur. Dit is Ma. Sy het haar bruin rok met die geel kolle aan. Ma hou van mooi rokke, veral as daar ’n goue of silwer patroon(*pattern*) in die rok is. Gelukkig bring haar suster wat in die stad bly partykeer rokke hier aan. Hy hou daarvan om te kyk as Ma loop, dit lyk of haar boude bietjie-bietjie skud. In haar hand het sy ’n emmertjie kos wat sy elke dag van die werk af bring. Sy kook en maak huis skoon. Ma maak of sy Pa nie hoor nie. "Hier’s vir jou bietjie spinasie en pampoen," sê sy vir Thabiso. "En ’n stukkie vleis."

Sy deel die ander kos in twee en vat vir Lethula waar hy buite onder die boom sit.

"Kom eet ’n bietjie, jy’s seker honger," probeer sy hom rustig maak.

Sy ma kom weer terug kombuis toe. Sy maak die koskas se deur oop. “Ek het nog ietsie vir jou,” sê sy. "Dit is ’n sakkie grondboontjies en klein plastiese sakkies. Nou kan jy môre by die skool grondboontjies begin smous."

Thabiso gesels met sy pa. Hy vertel van die bus wat hy wil maak van draad en koeldrankblikkies. "Pa, sal Pa my help? Pa is goed met Pa se hande. Pa kan enige iets doen. "

Lehtula sug. "Ja, wat help my hande my as ek nie eers kan lees wat op ’n medisynebottel geskryf staan nie. ’n Groot man moet vir ’n kind vra om vir hom sy briewe te lees." Hy laat sak sy kop in sy hande.

"Pa kan my help om ’n bus te maak. Ek het klaar die blikkies. En ons kan draad gebruik. Toe Pa, ag asseblief, Pa is mos goed met draad. Kyk net hoe reguit is die plaas se lyndraad."

Thabiso kom staan teenaan Lethula.

Lethula kyk op. Sy oë is rooi, maar hy kyk met oë wat vra vir sy pa. Iets flikker in Lethula se oë.

"Nou goed, my kind. Saterdag kan ons begin."

Maar Saterdag bring sy eie moeilikheid en Thabiso se planne bly net in sy kop. Die planne kom nie by Pa en Pa se hande uit nie.

Thabiso het net die hamer en die blikkies reggesit gehad toe sy oë die rook (*smoke*) in die lug sien. Dit is sommer hier agter die eerste rant (*mountain)*. En die gras is droog. Daardie vuur kan hardloop. Hy spring op. Waar sou Pa wees? "Ma, Ma!" skreeu hy. "Dit brand agter die rant, ek kan die vlamme (*fire*) sien. En die wind waai na ons toe ..."

Thabiso gryp die wasgoedemmer en die sinkbad. Hy draai die kraan langs die huis oop, maar die water loop te stadig. Waar sou Pa wees? Hy’t gesê hy gaan gou-gou na Malome Piti toe.

Dan sien hy hom waar hy aangeslinger kom. Agge nee! Tog nie weer nie. Kan hy nie die gevaar ruik nie? Het die bier sy neus ook toegemaak? Die vlamme kruip al nader.

Dan onthou Thabiso: die skape! As hulle nie die vuur betyds (*in time*) keer nie, gaan die skape (*sheep*) in die kraal doodbrand. Toe hy gaan stap het, het hy gesien die skape staan in die kraal.

Hy hardloop so vinnig hy kan. Die diere maal in die rondte. Hulle het die rook geruik. Hy maak die hek oop en jaag die bang skape in die rigting van die grootpad. Hy moet hulle net wegkry. Hy skreeu en fluit agter die skape en hulle hardloop vorentoe. Hy keer hulle in die kamp in wat die verste van die plaas is en maak die hek toe. Dan storm hy terug in die rigting van die vuur waar die werkers reeds met nat goiingsakke na die vuur toe hardloop.

Thabiso druk 'n goiingsak in die water. Toe hy opkyk, stop Ramosa langs die hardlopende werkers.

"Spring op, kêrels!" skree hy.

Op die bakkie is 'n klomp waterkanne. Thabiso hardloop nader en swaai sy bene oor die kant van die bakkie. Die boer trek weg, die stof staan agter die wiele op. Hulle ry by iemand verby wat langs die pad sit. Dit is Lethula. Hy sit met sy kop in sy hande.

'n Klomp mense is reeds besig om die vuur te slaan. Thabiso begin slaan. Sy skouers pyn later, sy oë en sy longe brand.

"Dis Lethula en Piti wat met hulle dronkgatte sit en rook het," hoor hy een van die werkers sê.

Sy hart ruk. Nee, dit kan nie wees nie. Sy pa weet hoe gevaarlik dit is as die gras so lank en droog is. Hy slaan en slaan ...

En dan is daar skielik nie meer rooi tonge nie, net rook wat in die lug indwarrel.

Thabiso sak op die grond neer. Hy bly so lê totdat sy ma hom kom haal.

Hy hoor die harde stem van Ramosa van ver af. "Nou is dit klaar!" Die werkgewer staan voor sy pa. Lethula se oë is neergeslaan. "Jy kan maar vir jou 'n ander werk gaan soek. Ek het nou lank genoeg mooigepraat. Ek wou jou help. Maar jy wil nie. Jy is 'n goeie werker, maar ek kan nie langer met jou drinkery sukkel nie. Jy het nou vir my 'n klomp skade ook aangerig."

Thabiso glip agter hulle huis in.

"Thabiso!" roep sy ma.

Hy kom om die hoek soos een wat moeilikheid verwag. Maar Ramosa se gesig lyk vriendelik.

"Thabiso, ek kom net vir jou dankie sê. Jy het ’n groot ding vandag gedoen. Jy het al honderd skape gered. Hulle sou almal doodgebrand het. Ek wou hulle vanmiddag gespuit het, dié dat hulle in die kraal was. "

Thabiso se hart klop vinnig.

"Dit was sommer slim van jou om so vooruit te dink. Ek het iets vir jou gebring om dankie te sê. Kom, dan wys ek jou," sê Ramosa en loop in die rigting (*direction*) van die trokkie. Hy haal 'n groterige hanslam van die bak af.

"Dé, dit is joune. Jy moet vir hom sorg."

Thabiso glimlag breed. "Baie dankie, ek sal mooi na hom kyk." sê hy.

Maandag loop Thabiso met swaar voete skool toe. Hy het net twee weke kans om die bus te maak. Maar hy kan vergeet van die prys. Pa moet nou werk soek. En werk is skaars. En dan moet hulle trek. Hy vee die trane af. Simpel, simpel wêreld. Hy is sommer lus en vloek en skop almal.

Hy haat skool. Hy haat almal. En die meeste van alles haat hy die bier wat nou maak dat hulle hul bondeltjies moet vat en loop.

Hy kry die middag sy pa by die huis. Hy wil nie vir hom kyk nie. Lethula sit onder die boom. Hy kyk vir Thabiso. Thabiso bly op die grond kyk. Hy kyk nog vir Thabiso. Thabiso kyk op. "Bring jou blikkies, laat ons begin," sê Pa.

Thabiso se mond is toe. Hy wil nie praat nie. Hy gaan haal die blikkies en draad, sit dit voor sy pa neer. Sy mond bly toe terwyl sy pa die draad vat en reguit buig. Maar later begin hy praat toe Pa stukkies draad buig met die tang. Hy vergeet van sy kwaad toe Pa se vingers vinnig en geoefend begin werk. Hy help. Hy gee raad. Hy buig die draad. Hy hou vas waar Pa wil hê hy moet vashou. Hy praat nie baie nie, maar hy voel Pa se jammer. Hy sien die jammer toe Pa vir hom kyk. Daar is niks meer van die bier in sy oë nie.

Elke dag gaan Pa werk soek en elke laatmiddag kom hy terug en sit sy seer voete in ’n skottel water.

Die vyfde dag kom die boer se vrou, Mamosa, daar aan met drie politoerblikkies. "Ek hoor jy maak so ’n oulike draadbus, Thabiso. Ek het aan jou gedink toe ek die leë blikkies sien."

"Baie dankie, Mamosa," sê Thabiso opgewonde. "Ek gaan bietjie verf koop, dan maak ek hulle mooi."

Toe Mamosa ry, kom druk die hanslam sy neus teen Thabiso en hy vryf die lam se kop. "As Pa tog net kan werk kry. Wat gaan ons doen?"

’n Bakkie kom nader, dit is die boer s’n. Thabiso skrik. Dit is nou ses dae wat Pa werk soek. Ramosa kom nou seker vir Pa sê hy moet trek.

Ramosa kom nader. Hy groet. Thabiso voel sy maag saamtrek. Sy pa staan op.

"Lethula, het jy toe werk gekry?"

Sy pa skud sy kop. Ramosa kom staan voor hom. "Ek het weer gedink. Ek sal vir jou nog ’n kans gee."

Thabiso voel die bly in hom opspring.

"Ek help jou oor die kind van jou. Hy het gekeer dat ek baie skade kry. Ek sien hy is ’n kind met

baie potensiaal. Hy gaan eendag een van die opkomende boere van ons land word. Ek wil hom onder my vlerk neem."

Lethula staan eers doodstil en dan glimlag hy breed. Hy bedank Ramosa en erken dat hy nie reg gemaak het nie. Hy sê dat hy ook nagskool toe wil gaan omdat hy wil leer lees en skryf.

***

Thabiso sit sy skooldas by sy wit hemp aan. Vanaand is die groot konsert. Waar is Pa? Dit is al amper tyd dat hulle moet skoolsaal toe gaan.

"Kom, Thabiso," sê Liesbeth. Sy het haar groen rok met die goue strepe aan.

"Pa moet maar kom, ons kan nie langer wag nie. Hy het gesê hy sal vinnig van die nagskool af loop.

Die saal is vol kinders en grootmense. Dan sien hy sy pa se gesig in die deur. Hy gaan na sy pa. Letula hou 'n papier na hom uit. "Kyk" sê hy en hou Thabiso se gesig dop.

Op die blad staan in groot letters: Thabiso. "Ek het dit self geskryf. Ek ken al die klanke wat in jou naam is. "

Thabiso wil net vir sy pa sê dit is goed toe daar 'n gejuig, geklap en voetegestamp in die saal is.

Die gordyn gaan oop en op die verhoog staan 'n tafel en op die tafel is 'n groot boks oor iets omgekeer.

Die mense raak stil toe die skoolhoof praat. Sy vertel van die maatskappy wat die projek geborg het en bedank hulle wat deelgeneem het. Thabiso kan nie hou nie.

Uiteindelik breek die oomblik aan. Die skoolhoof haal die boks versigtig af.

"Daar's ons bus, " skree Thabiso opgewonde vir sy pa.

"Ouers en kinders, hier is ons pryswenner se handewerk. Hy het duisend rand gewen." sê die skoolhoof terwyl sy agteruit staan en met haar hand na die tafel wys.

Thabiso gryp sy pa aan die skouers en spring op en af voor hom.

[Verwerk en verkort uit: *Mengelmoes*, saamgestel deur Marita van Aswegen]

**Post-lees**

**Oefening 1: Beantwoord die volgende vrae oor die kortverhaal.**

1. Aan watter klasprojek wil Thabiso deelneem?
2. Waarom word daar 'n klasprojek gehou? Noem twee redes.
3. Hy bêre sy spaargeld onder sy bed.

3.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR?

3.2 Motiveer jou antwoord op vraag 3.1 deur na die eerste paragraaf te verwys.

4. Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en letter (A-D) neer.
   Thabiso glo met 'n fiets sal die drie kilometer skool toe sommer speletjies wees. Dit beteken dat...

   A 'n fiets maklik trap.
   B hy lekker langs die pad kan speel.
   C 'n mens speletjies met 'n fiets kan speel.
   D hy vinniger by die skool kan wees.

5. Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (5.1 – 5.5) en die antwoord neer.

   | |
   |---|
   | Malome Piti; bier; vragmotor; verkoop; brandewyn; Halfwegwinkel; Ramosa; bakkie; koop |

   Aan die einde van die maand gaan Thabiso se pa na die (5.1) _____ om bier te (5.2)___. Sy pa werk vir (5.3) ____. Verlede maand het hy die (5.4) ______gestamp omdat hy (5.5)_________ ingehad het.

6. Kies die korrekte antwoorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.
   Die persoon wat die kompetisie by die skool (verloor/wen) kry (R1000/R100.)
7. Wat moet jy doen om die geld te kry?
8. Noem TWEE dinge waarmee Thabiso se pa baie goed is.

9. Kies die antwoord wat nie pas nie. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A - D) neer.

Thabiso is bang vir sy pa, want ...
A sy pa is dronk.
B sy pa slaan sy ma.
C hy weet nooit wat sy pa volgende gaan doen nie.
D sy pa span draad.

10. Waarom kan Thabiso nie sy pa vashou nie? Haal EEN woord uit die teks aan.
11. Die baie bier wat Thabiso se pa drink, sluk hul geld in. Vertel in drie sinne hoe swaar Thabiso en sy ma kry omdat sy pa so baie kartonne bier koop.
12. Wat doen Thabiso om die kwaad in sy hart uit te kry?
13. Noem drie redes waarom ons kan sê Thabiso se pa het gedrink wanneer hy vir Thabiso Humbugs gee.
14. Thabiso se pa sê hy wou ook graag leer, maar nou is dit te laat. Watter raad het Thabiso vir hom?
15. Thabiso-hulle bly al sewe jaar op die plaas. Waarom weet hy nie hoe lank hulle nog daar sal bly nie?
16. Voltooi:
Thabiso se ouboet werk in _______. Partykeer stuur hy ________ waarmee sy ma ________ koop.
17. Waarom maak Thabiso blikke bymekaar?
18. Wat gaan Thabiso in die hoenderhok doen?
19. Waarom dink jy kyk hy aanmekaar oor sy skouer terwyl hy in die hoenderhok is?
20. Watter tipe werk doen Thabiso se ma?
21. Waarin bring sy kos huis toe en watter soort kos het sy die dag gebring?
22. Gee Thabiso se pa se naam.
23. Kies die korrekte antwoorde tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoorde neer.
Thabiso vra sy pa om hom te help om (’n medisynebottel te lees/’n bus te maak), want sy pa is goed met (draad/drank).
24. Thabiso moet die skape uit die kraal kry, want hulle moet geslag word.
24.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR
24.2 Motiveer jou antwoord op vraag 24.1.
25. Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (25.1 – 25.7) en die antwoord neer.

| |
|---|
| Piti; Ramosa; Lethula; hande; voete; arms; kop; skape; goiingsakke; gerook; gedrink; vuur |

Thabiso help om die (25.1) ____met (25.2) _____ dood te maak. Lethula sit met sy (25.3)____ in sy (25.4) ____. Die werkers sê dis Piti en (25.5)________ wat die vuur begin het omdat hulle
(25.6)______ het.

26. Waarom kom sien Ramosa vir Lethula na die brand?
27. Ramosa praat ook met Thabiso. Waarom sê hy vir Thabiso dankie?
28. Wat gee Ramosa vir Thabiso om dankie te sê?
29. Waarom wil Thabiso die oggend op pad skooltoe almal vloek en skop?
30. Watter verrassing wag op Thabiso toe hy die middag by die huis kom?
31. Waarom dink jy vergeet Thabiso van sy kwaad?
32. Thabiso weet sy pa is jammer oor wat hy gedoen het. Thabiso sien dit in sy oë. Hoe lyk Lehtula se oë?
33. Waarom gee Ramosa vir Lethula nog ’n kans om vir hom te werk?
34. Noem twee positiewe dinge wat Lethula nou wil doen.
35. Net Thabiso en sy ma stap skool toe. Waar is sy pa?
36. Wat bring Lethula vir Thabiso by die konsert?
37. Hoekom kan ons sê dat Thabiso se droom waar geword het?

## Taal in konteks

### Hoofletters

| | | |
|---|---|---|
| **A B C** | **Hoofletters** | ***** **S**inne en name begin met hoofletters, bv. **T**habiso**,** **L**iesbeth en **L**ethula bly by **R**amosa en **M**amosa op die plaas. |

| **Leestekens maak dit makliker om te lees.<br>Leer die gebruik van die volgende leestekens.** | | |
|---|---|---|
| **.** | **Punt** (*full stop*) | * Dit dui die einde van 'n sin aan:<br>Thabiso wil graag die draadwerk-kompetisie wen**.** |
| **,** | **Komma** (*comma*) | * Daar kom altyd 'n komma voor **maar** en **want**, bv.<br>Die kind huil, **want** sy het geval.<br>* Sit 'n komma tussen 2 werkwoorde, bv.<br>As jy lag, lag ek saam.<br>* Dit deel verskillende adjektiewe, bv.<br>Thabiso is 'n lang**,** mooi**,** vriendelike en flukse seun. |
| **?** | **Vraagteken** (*question mark)* | * Daar kom altyd 'n vraagteken na 'n vraag gevra is, bv.<br>Waarheen het Thabiso die skape gejaag**?** |
| **!** | **Uitroepteken** (*exclamation mark)* | * Gebruik 'n uitroepteken aan die einde van 'n uitroepsin en 'n bevelsin, bv.<br>Jaag die skape na die kamp**!** |
| **:** | **Dubbelpunt** *(colon)* | * Jy gebruik 'n dubbelpunt by die direkte rede.<br>Thabiso sê**:** "Ek sal mooi na die hanslam kyk."<br>* Dit word gebruik voor 'n verduideliking (*explanation*).<br>Vir 'n draadbus het Thabiso nodig**:** draad, tang, blikkies en verf. |
| **"…"** | **Aanhalingstekens** (*inverted commas)* | * Wanneer iemand se direkte woorde gebruik word, bv.<br>Ramosa sê: "Lethula, sorg dat jou werk verbeter." |

**Oefening 2: Skryf die volgende sinne oor, gebruik die korrekte hoofletters en vul die leestekens in:**

1. mamosa en ramosa werk hard saam met liesbeth en lethula
2. thabiso wil aan die kompetisie deelneem want hy kan R1000 wen
3. liesbeth kook spinasie wortels beet en hoender vir middagete
4. hoekom het die veldbrand ontstaan
5. pasop die vuur versprei vinnig
6. thabiso: pappa kan by die nagskool leer om te lees

## Skryf en Aanbied:

’n Mens vul ’n vorm in om aansoek te doen vir ’n huis, vir nuwe werk, om na ’n nuwe skool te gaan of om na ’n kollege of universiteit te gaan.

### Oefening 3: Voltooi ’n aansoekvorm

Meneer Ramosa wil Thabiso na ’n Landbouskool stuur sodat hy kan leer om te boer.

Voltooi die onderstaande vorm:

**Beplan eers.**

- Lees die aansoekvorm wat jy moet invul.
- Vul die vorm netjies in.
- Gebruik formele taal.
- Beantwoord net dit wat gevra word.
- Beplan jou antwoorde en skryf eers die vorm op ’n blaai.

**Hersien, redigeer, proeflees en bied aan.**

- Moenie spelfoute maak wanneer jy ’n vorm invul nie.
- Skryf netjies en duidelik.
- Gee die regte inligting.
- Redigeer jou werk voordat jy dit finaal netjies skryf en inhandig.

# AANSOEKVORM

# UNIONDALE LANDBOUSKOOL

**PERSOONLIKE BESONDERHEDE:**

Van: ________________________________________ Naam: ________________________________

Identiteitsnommer: ____________________________

Naam van Vader: ______________________________

Naam van Moeder: _____________________

Woonadres van Ouers:

_____________________________

_____________________________

_____________________________

_____________________________

Posadres van Ouers:

_____________________________

_____________________________

_____________________________

_____________________________

Inligting oor skool en graad geslaag:

Naam van vorige skool: _____________________

Graad waarin leerder is: ____________________ Graad waarvoor u aansoek doen: _____________

Punte van vakke in laaste graad geslaag.

| Naam van vak | Punt |
|---|---|
| 1.<br>2.<br>3.<br>4.<br>5.<br>6.<br>7. | |

Vakke wat leerder graag sal wil neem:

| |
|---|
| 1.<br>2.<br>3.<br>4.<br>5.<br>6.<br>7. |

Buitemuurse aktiwiteite:

| Sport | Kultuur |
|---|---|
| 1. | 1. |
| 2. | 2. |
| 3. | 3. |

Skryf 5 kort sinne waarom jy graag by Uniondale Landbouskool wil skoolgaan.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

Handtekening van vader: ____________________ Datum: _______________

Handtekening van moeder: ___________________ Datum: _______________


Handtekening van leerder: ___________________ Datum: _______________

## Taal in konteks:

### Direkte en indirekte rede

In die indirekte rede verander die voornaamwoorde. Leer hierdie veranderings. Dit is baie belangrik!

| Direkte | Indirekte |
|---|---|
| Ek | hy/sy |
| Jy | hy/sy |
| My | sy/haar |
| Jou | sy/haar |
| Myne | syne/hare |
| Joune | syne/hare |
| Ons | hulle |
| Julle | hulle |



**Oefening 4: Skryf die volgende sinne in die indirekte rede:**

1. Thandi sê: "Ek lees graag stories."
   Thandi sê dat ___ graag stories ___ .
2. Pulane sê: "Thabo behoort aan die biblioteek. "
3. Thabiso sê: "'n E-leser is baie duur. "
4. Mev. Motaung sê: "Ons leen boeke vir twee weke by die biblioteek. "
5. Puleng sê vir Thabo: "Jy moet Zakes Mda se boeke lees."
6. Masabata sê: "Die kortverhaalbundel is joune. "
7. Mev. Mosoeneng sê: "Die leerders moet elke kwartaal een roman lees. "
8. Thabo sê: "Ek lees elke speurverhaal van Deon Meyer. "

**Oefening 5: Leer hoe woorde in die teenoorgestelde geslag gevorm word.**

| Hoe word woorde in die teenoorgestelde geslag gevorm? | Voorbeeld | |
|---|---|---|
| * deur 'n ander woord te gebruik. | oom X tante<br>pa X ma | neef X niggie |
| * deur 'n deel van die woord te verander | akteur X aktrise<br>bruid X bruidegom | gasheer X gasvrou |
| * deur 'n agtervoegsel (-esse, -es, -in, -ise) by die woord te voeg. | sekretaris X sekretaresse<br>onderwyser X onderwyseres<br>inspekteur X inspektrise | sanger X sangeres<br>koning X koningin<br>vriend X vriendin |

**Leer woorde in die teenoorgestelde geslag.**

| | | |
|---|---|---|
| 1. oupa X ouma | 7. skrywer X skryfster | 14. buurman X buurvrou |
| 2. broer X suster | 8. danser X danseres | 15. heer X dame |
| 3. haan X hen (*chicken*) | 9. digter X digteres | 16. kleinseun X kleindogter |
| 4. ram X ooi (*sheep*) | 10. prins X prinses | 17. bibliotekaris X bibliotekaresse |
| 5. bul X koei (*cattle*) | 11. seun X dogter | 18. swaer X skoonsuster |
| 6. mannetjie X wyfie (*birds*) | 12. vader X moeder | 19. spreker X spreekster |
| | 13. bruid X bruidegom | 20. wewenaar X weduwee |

**Gee die teenoorgestelde geslag van die woord tussen hakies**

1. My (ouma) lees baie graag liefdesverhale en my (oom) speurverhale.
2. Die (hen) kraai elke oggend om vieruur, terwyl die (bul) aanstap om gemelk te word.
3. Die (skrywer) skryf kortverhale en die (digter) dig die mooiste gedigte.
4. Die (prins) vra die (danseres) om vir haar te dans.
5. Die (buurman) kuier graag by haar (kleindogter).

# Hoofstuk 5: Die hoofstede van Suid-Afrika

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * oor die hoofstede van die provinsies van Suid-Afrika praat.<br>* na ’n liedjie oor Johannesburg luister. |
| Lees en kyk: Begrip | * ’n teks oor die hoofstede lees en vrae daaroor beantwoord. |
| Skryf en aanbied | * ’n strooibiljet lees.<br>* kenmerke van ’n strooibiljet doen.<br>* ’n pamflet ontwerp vir assesseringstaak 3. |
| Taalstrukture en -konvensies | * betekenis van woorde leer.<br>* afkortings leer.<br>* spelreëls doen.<br>* werkwoorde gebruik.<br>* intensiewe vorme skryf en leer .<br>* leer wanneer om woorde los of vas te skryf. |

## Luister en praat

### Pre-luister

1. Gee die name van die nege provinsies van Suid-Afrika in Afrikaans.
2. Wat is die name van die hoofstede van die nege provinsies?
3. Maak ’n lysie van alles wat jy van die hoofstad van die provinsie waarin jy bly, weet.

### Tydens luister

Luister nou na die liedjie wat Bianca le Grange oor die hoofstad van Gauteng, Johannesburg, sing. Sy gebruik een van die byname van Johannesburg. Sy noem Johannesburg, Joburg. Watter ander byname ken jy nog vir Johannesburg.

**Woordeskat: Maak sinne met die Afrikaanse woorde. Let op na die Engelse betekenis.**

opgewonde (*excited*)
ligte blink en flikker (*lights shine and sparkle*)
ritme (*rhythm*)
siel (*soul*)
geboue (*buildings*)
myne (*mines*)
smag (*to long for somebody*)

### Post luister

**Oefening 1: Vrae oor luisterbegrip**

1. Watter plek ken die sangeres? (1)
2. Wat doen die mense op die plek? (1)
3. Wie kan almal saamgaan? (1)
4. Noem twee dinge wat Johannesburg se liggies doen. (2)
5. Waarheen nooi die sangeres jou? (1)
6. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR.
   Joburg is die plek waar drome nie waar word nie.
   Motiveer jou antwoord met woorde uit die teks. (2)
7. Watter rol speel Joburg in Suid-Afrika en Afrika? (2)
8. Hoe lyk die geboue in Johannesburg? (1)
9. Kies die regte antwoord:
   Die myne in Johannesburg is (diep/vlak) (1)
10. Voltooi: Die strate is vol wiele beteken ... (1)

11. Hoe weet ons dat Johannesburg ook baie besig is in die nag? (1)
12. Noem TWEE dinge wat die luisteraar op sy moet skuif. (2)
[16]

## Lees en kyk

**Leesbegrip: Lees die teks met inligting oor die verskillende hoofstede van Suid-Afrika**

**Pre- lees**


1. Wat dink jy beteken die woord "hoofstad"?
2. Wat is die naam van die hoofstad van die Republiek van Suid-Afrika?
3. In watter hoofstad sit die parlement van Suid-Afrika?
4. Waar in Suid-Afrika is die Appèlhof (Court of appeal)?

**Terwyl jy lees**


1. Lees die teks.
2. Lees die vrae.
3. Lees weer die teks en merk die antwoorde van die vrae.
4. Lees weer die teks.
5. Beantwoord die vrae.

### Die hoofstede van die provinsies van Suid-Afrika

Suid-Afrika bestaan uit nege provinsies. Elke provinsie het sy eie provinsiale regering en hoofstad.





1. Mangaung is die hoofstad van die Vrystaat. Dit beteken die plek van die Cheetahs. Mangaung word ook Bloemfontein genoem. Die naam kom van die Nederlandse (*Dutch*) woorde bloem wat *blom* beteken en *fontein* (*fountain*) wat sê daar is water. Dit is die regterlike *(judicial)* hoofstad van Suid-Afrika. Daar bly ongeveer 640 000 mense in Mangaung.


Lugfoto van Bloemfontein

2. Mbombela is die hoofstad van Mpumalanga. Dit is 'n pragtige dorp wat deur heuwels (*hills*) omring word. Die dorp is in 1905 gestig en het 224 000 inwoners.






Heuwels wat Mbombela omring






Hoofgebou van Noordwes Universiteit

3. Noordwes se hoofstad is Mahikeng. Dit is in 1994 gevorm toe die ou Wes-Transvaal en die ou tuisland "Bophuthatswana" saamgevoeg is. Dit vorm ’n eenheid met Mmabatho wat voorheen die hoofstad van Bophuthatswana was. ’n Tak van die Noordwes Universiteit is in Mmabatho.





4. Die belangrikste en grootste stad in Suid-Afrika is ook die hoofstad van Gauteng. Dit is natuurlik Johannesburg met meer as driemiljoen inwoners. Dit is die derde grootste stad in Afrika en die enigste stad in Afrika wat ’n "*global city*" is.




Straat in Johannesburg



Die hawe van Oos-Londen




5. Die hoofstad van die Oos-Kaap is ’n dorp met die naam Bhisho. Bhisho is ’n Isixhosa woord wat buffel beteken. Dit lê naby Oos-Londen en King William’s Town.




6. Kaapstad word ook Suid-Afrika se moederstad genoem en is ’n baie bekende stad in die wêreld. Dit is ook die hoofstad van die Wes-Kaap. Baie toeriste besoek Kaapstad omdat dit in die mooi Boland is. Dit het ook ’n hawe waarby baie skepe aandoen. Dit is ook die wetgewende (*legislative*) hoofstad van Suid-Afrika.



Lugfoto van Kaapstad

7. Kimberley is ook ’n stad in Suid-Afrika en die hoofstad van die Noord-Kaap. Dis naam Kimberley laat dink jou aan die grootste mensgemaakte oopmyn – die groot gat – waar baie diamante (*diamonds*) uitgehaal is.







Die groot gat




8. Die hoofstad van KwaZulu-Natal is Pietermaritzburg. Die stad lê in die hart van Middellande van Natal. Die mense van Pietermaritzburg het die ou geboue mooi bewaar en daarom is dit een van die mooiste Victoriaanse stede in Afrika.


Victoriaanse gebou


Besige straat in Polokwane




9. Polokwane wat ook die plek van veiligheid genoem word is die hoofstad van Limpopo. Polokwane is 'n Pedi-naam en is die nywerheidsentrum van die noorde van Suid-Afrika.

**[**Bron: *Internet***]**

**Woordeskatuitbreiding:**
Pas die woord in kolom A by die betekenis daarvan in Kolom B

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1. inwoners (*inhabitants)* | A myn wat nie onder die grond is nie |
| 2. fontein (*fountain*) | B mense wat in 'n land woon. |
| 3. regter (*judge*) | C tyd van koningin Victoria. |
| 4. moederstad (*mother city*) | D plek waar water uit die aarde borrel. |
| 5. mensgemaakte (*human made*) | E iemand wat mense wat nie die wette van die land nakom nie straf. |
| 6. oopmyn (*open mine*) | F iets wat mense gemaak het. |
| 7. Victoriaanse tydperk (*time of queen Victoria of Britian*) | G die oudste stad in 'n land. |

**Post-lees**

**Oefening 2: Beantwoord die volgende vrae oor die leesbegripteks:**

1. Wat beteken die naam Mangaung?
2. Wat is die ander naam van die hoofstad van die Vrystaat?
3. Hoekom dink jy het die eerste inwoners van Bloemfontein dit só genoem?
4. Hoekom word Mbombela 'n pragtige dorp genoem?
5. Wanneer is die dorp Mahikeng gevorm?
6. Voltooi: 'n Tak van die Universiteit van ____________ is in Mahikeng.
7. Kies die regte antwoord:
   Die derde grootste stad in Afrika is
   A Kaapstad
   B Bhisho
   C Johannesburg
   D Polokwane
8. Noem twee dorpe wat naby Bhisho lê.
9. Noem drie belangrike feite wat jy vir iemand oor Kaapstad sou vertel.
10. Voltooi: As ek van die diamantstad van Suid-Afrika praat, verwys ek na ______ wat ook die hoofstad van die ____ is.
11. Waarom word Pietermaritzburg een van die mooiste Victoriaanse stede van die wêreld genoem?
12. Watter stad is die hoofstad van Limpopo?

13. Hoekom dink jy word dit die nywerheidsentrum van die noorde genoem?
14. Wat dink jy is die funksie van al die prente in die artikel?

## Skryf en aanbied:

**Ontwerp 'n strooibiljet**

'n Strooibiljet word gebruik om mense te oorreed om iets te koop, iets te gebruik of 'n plek te besoek. Dit word by robotte versprei, by winkels uitgedeel of in die posbusse by huise gesit. Hieronder is 'n voorbeeld van 'n goeie strooibiljet. Gebruik dit as voorbeeld wanneer jy jou eie strooibiljet ontwerp.

**SPRINGBOK DIE JUWEEL VAN DIE NOORD-KAAP** → *Opskrif moet aandag trek.*

Is jy dodelik moeg? Wil jy rus?
Dan is die dorp in die hart van Namakwaland vir jou! → *Reël om aandag te trek.*

Hier is die mooiste natuurtonele
Baie gastehuise
Gasteplase waar jy kan ontspan
Die wonderlikste mense om mee te gesels
→ *Algemene inligting word gegee. Let op die gebruik van leestekens en verskillende lettertipes en –groottes.*

**Vir Besonderhede: Kontak Melanie (082 274 8856)** → *Kontakbesonderhede.*

- *Die inligting moet duidelik en kortliks oorgedra word.*
- *Die uitleg moet duidelik wees.*
- *Kontakbesonderhede moet duidelik sigbaar wees.*

**Skryf: Ontwerp jou eie strooibiljet**

Die regering van die provinsie waarin jy bly het die volgende kompetisie uitgeskryf waaraan leerders van alle skole kan deelneem.

Lees die inligting oor die kompetisie en neem dan daaraan deel.

**Kompetisie met groot pryse!**

**Wat moet jy doen om die kompetisie te wen?**

**Ontwerp 'n strooibiljet oor die hoofstad van die provinsie waarin jy bly.**

**Reëls:**

- **Die naam van die provinsie moet duidelik wees.**
- **Algemene inligting oor die hoofstad moet gegee word.**
- **Die inligting moet duidelik en kortliks oorgedra word.**
- **Die uitleg moet duidelik wees.**
- **Kontakbesonderhede van die munisipaliteit waar inligting gekry kan word, moet gegee word.**
- **Gebruik verskillende lettergroottes om aandag te trek.**
- **Gebruik leestekens om belangrike inligting te beklemtoon.**

**Eerste prys: 'n Vakansie by die see**
**Tweede prys: 'n Rekenaar**
**Derde prys: 'n Televisiestel**

**Sluitingsdatum: 11 Maart**

## Taal in Konteks

Party woorde in sinne word met hoofletters geskryf, soos die eerste woorde van ’n sin, die name van mense, plekke, diere en organisasies.

**Oefening 3: Skryf die volgende sinne oor met die regte hoofletters.**

1. die geskiedenis van johannesburg is duisende jare oud.
2. miljoene jare gelede het die spesie australopithecus afrcanus daar gewoon.
3. vandag word die streek die wieg van die mensdom genoem.
4. sowat 11 000 jaar gelede het die San daar gewoon.
5. vroeg in die 19de eeu het die ndebele-koning mzilikazi daar gewoon.

**Die los en vas skryf van woorde.**

Woorde word soms aanmekaar geskryf om ’n nuwe woord te vorm. Ons noem dit ’n samestelling. ’n Samestelling is altyd een woord. Die volgende woorde is altyd een woord:

- twee selfstandige naamwoorde wat verbind word bv. huistaal, hoofstad, moederstad, boekrak
- alle intensiewe vorme is altyd een woord. bv. kliphard, yskoud, splinternuut.
- name van plante en diere soos bv. groenboontjies, rooibok, swartrenoster, geelperske
- tyd op ’n horlosie; eenuur, vyfuur, sewe-uur ( het ’n koppelteken sodat dit makliker kan lees)

Die volgende woorde word altyd los geskryf:

- woorde wat sê hoe lank iets duur bv. Die film is twee uur lank. Die vakansie was net tien dae lank.
- kleure wat saam met ’n selfstandige naamwoord gebruik word soos ’n geel hoed, ’n rooi bus.

Die volgende woorde kan óf los óf vas geskryf word.
Telwoorde: vier-en-dertig, vier en dertig; tweeduisend en vier, tweeduisend en vier.
Name van plekke: Victoria-hospitaal, Victoriahospitaal, Victoria hospitaal

**Oefening 4: Vorm een woord (samestellings) van die volgende woorde:**

| | | |
|---|---|---|
| 1. stop + straat | 2. winkel + kompleks | 3. motor + hawe |
| 4. hoof + straat | 5. swem + bad | 6. brand + weer + wa |
| 7. woon + buurt | 8. stad + saal | 9. munisipaliteit + kantoor |

**Oefening 5: Speletjie: Intensiewe vorme**

| | | |
|---|---|---|
| 0 | | |
| | X | |
| | | X |

1. Kry ’n maat en trek ’n nulletjie en kruisie bord.
2. Maak beurte om die intensiewe vorm van die onderstaande vrae te gee en dan neer te skryf.
3. As jou antwoord reg is, mag jy ’n nulletjie of ’n kruisie trek.
4. Die een wat eerste drie nulletjies of kruisies in ’n ry het, wen.

| Vrae vir spanlid A | Vrae vir spanlid B |
|---|---|
| 1. baie nodig is ________ | 1. baie reguit is ______ |
| 2. baie fris is ________ | 2. baie snel is ______ |
| 3. baie nuut is ________ | 3. baie oud is ______ |
| 4. baie geel is ________ | 4. baie groen is ______ |
| 5. baie dun is ________ | 5. baie vet is ______ |
| 6. baie bleek is ________ | 6. baie rooi is ______ |
| 7. baie soet is ________ | 7. baie alleen is ______ |
| 8. baie koud is ________ | 8. baie warm is ______ |
| 9. baie lig is ________ | 9. baie swaar is ______ |

**Oefening 6: Kies die regte woord tussen hakies**
1. Die (blesbok, bles bok) is op die wapen van die stad.
2. (kaapstad, Kaapstad) is oor die (driehonderd, drie-honderd) jaar oud.
3. Mens ry (twaalf uur, twaalfuur) van (johannesburg, Johannesburg) na die (parlement, Parlement).
4. (pietermaritzburg, Pietermaritzburg) is (tweeuur, twee uur) se ry vanaf Margate.
5. Die (rooi brandweerwa, rooibrandweerwa) ry vinnig na die brand.

**Oefening 7: Waarvoor staan die volgende afkortings:**

| | |
|---|---|
| 1. N | 2. NO |
| 3. S | 4. SO |
| 5. O | 6. SW |
| 7. W | 8. NW |

## Werkwoorde

Werkwoorde is **aksiewoorde**: Die woorde wat sê wat **gedoen** word. Die werkwoord is die belangrikste deel van 'n sin.
Die werkwoord verander as die tyd van die sin verander.

Daar is drie tye in Afrikaans:
Die **teenwoordige tyd**: dit wat nou gebeur.
Die **verlede tyd**: dit wat klaar gebeur het.
Die **toekomende tyd**: dit wat nog sal gebeur.



**Oefening 8:Kyk baie mooi na die volgende sinne. Omkring die werkwoord en sê elke keer wat met die werkwoord gebeur het**.
1. Kaapstad lê aan die voet van Tafelberg.
2. Mis (*fog*) het baie maal oor Tafelberg gehang.
3. Die kabelkarretjie sal gereeld ry.
4. Die kabelkarretjie het tydens die vakansie gebreek.
5. Die kabelkarretjie sal elke jaar herstel word.

**Kom ons skryf nou neer wat gebeur het:**

- In die teenwoordige tyd staan die werkwoord in die ___ posisie in die sin.
- In die verlede tyd staan ___ in die tweede plek in die sin en die ___ aan die einde van die sin. Die werkwoord het ook hulp, naamlik die ___ gekry.
- In die toekomende tyd is ___ in die tweede posisie in die sin en die werkwoord staan aan ___ van die sin.

**Oefening 9: Voltooi die volgende tabel:**

| Teenwoordige tyd | Verlede tyd<br>Begin jou sin so: Gister | Toekomende tyd<br>Begin jou sin so: Môre |
|---|---|---|
| 1. Die karretjie hang in die lug. | 1. ________ | 1. ________ |
| 2. ________ | 2. Gister het die mense bang geword in die karretjie. | 2. ________ |
| 3. ________ | 3. ________ | 3. Môre sal die sterk kabel ’n swaar gewig dra. |
| 4. Dit kos baie geld om met die karretjie te ry. | 4. ________ | 4. ________ |
| 5. Baie mense klim vinnig teen Tafelberg op. | 5. ________ | 5. ________ |

**Oefening 10: Gee die versamelnaam van die volgende selfstandige naamwoorde.**

1. (Berge wat langs mekaar lê), is ’n _____ berge.
2. (Baie blomme wat mense pluk), is ‘n _____ blomme.
3. (Baie bome wat saam geplant is), is ’n _____ bome.
4. (Baie bossies) is ’n _____ bossies.
5. (Baie bobbejane) bymekaar, is ’n _____ bobbejane.